

die Boodskapper

Amptelike blad van die Afrikaanse Protestantse Kerk

No. 390 • April 2026



Ons verkondig Christus wat gekruisig is ... Christus, die krag van God en die wysheid van God – 1 Korinthiërs 1:23-24

INHOUD

DIE BOODSKAPPER • By die poskantoor as nuusblad geregistreer

Ruimte en materie (Paasuitgawe)

REDAKSIONEEL

Ds. Schalk Strauss

Die heilige grond van 'n aanbiddingsruimte 1

AMPTELIK 3

ONTVANG DIE WOORD

Dr. Ernst Viljoen

Die lydende Kneg 4

HOOFARTIKEL

Dr. Wikus Buys

Ruimte-lig-plek: Trinitariese ruimte en ons plek 6

ARTIKELS

Prof. Gerrit Smit

Is sigbare dinge sleg? 10

Prof. Koos Adendorff

Ruimte om God te dien 12

Wynand t'Hart

"Laat u koninkryk kom!" Die heiliging van Godgegewe ruimtes 14

Wikus Bekker

My boerdery: Katedraal voor God se aangesig 16

Dr. Barend Hefer

Wat bedoel Paulus met "die derde hemel"? 18

Gary Bates en Lisa Cosner

Die VVV-godsdiens: Die wêreld se vinnigste groeiende
"wetenskaplike" godsdiens? 20

Estelle Hefer

Jou huis as jou aanbiddingsruimte 24

Ds. Dianlo Stoltz

Koninkrykswerk: Plaaslik of internasionaal? 26

AKTUEEL

Brief 9

Gemeentenuus 28

Smeltoond binne agterblad

IN DIE SPORE VAN GISTER

Alana Bailey

Sterre met sterre bo die sewentiende-eeuse Suidland 34

VAN KARSTOELTJIE TOT BESTUURDER

Hannekie Verwoerd

Hoekom? 35

IN DIE VOLGENDE UITGAWE:

Tema: Identiteit.

Wat vorm die gelowige se identiteit? Wat bedreig sy identiteit? Waartoe bemagtig sy identiteit hom?

VOORBLAD:

Die voorblad beeld die ruimte uit wat God geskep het vir die mens om voor sy aangesig in 'n materiële wêreld te leef.

REDAKSIE

Eindredakteur

Ds. HSW Strauss

Subredakteur

Mev. C Möller

Redaksielede

Di. RK Combrink,
EC Trollip, A Hough

Advertensies en briewe

Mev. M van Schalkwyk
boodskapper@apk.co.za

Die Redaksie vereenselwig hom nie noodwendig met alle uitsprake of menings hierin opgeneem nie.

BELANGRIKE TELEFOONNUMMERS EN ADRESSE

**Gemeenskaplike
Kerkkantoor**

Kerkkantoor en Boekwinkel

Tel.: 012 362 1390

Makoustraat 516,
Monumentpark x2

e-pos: info@apk.co.za

Webblad: www.apk.co.za

**Die Afrikaanse
Protestantse Akademie**

Tel.: 012 344 3960/1/2

e-pos: info@apa.ac.za

Webblad: www.apa.ac.za

Gedruk en gebind deur:


BusinessPrint

Bladuitleg:

Die Boodskapper: M Langeveldt
Jeugboodskapper: R Grobler

Uitgegee deur:


Lig in Duisternis
UITGEWERS

www.liginduisternis.co.za



Die heilige grond van 'n aanbiddingsruimte

Ds. Schalk Strauss

As predikant het 'n mens dikwels die voorreg om in baie verskillende kerke en selfs op vreemde plekke 'n erediens te lei. My eerste gemeente was byvoorbeeld in Londen, waar ons aanvanklik in 'n kroeg moes kerk hou. Later het ons 'n Engelse kerk gehuur en ek moes maar gewoon raak aan 'n altaar in die middel en die preekstoel aan die kant. Terug in Suid-Afrika het die gemeente waarin ek toe was, die Sewendedagadventiste se kerkgebou gehuur. Hier was die preekstoel darem in die middel, maar daar was 'n baie groot doopbad aan my linkerkant.

Ons almal weet dat die kerk van Jesus Christus nie tot 'n spesifieke plek beperk word nie, maar uit gelowiges bestaan. Omdat God oral is, kan Hy oral aanbid word. Tog bevestig die Skrif telkens die belangrikheid van 'n aanbiddingsruimte. Wanneer ons in hierdie Paasuitgawe by die tema van ruimte en materie stilstaan, kan 'n mens nie anders as om ook oor die belangrikheid van 'n aanbiddingsruimte na te dink nie. Hoewel God gees is, was die materiële werklikheid nog altyd vir Hom belangrik. As Hy ons oproep om Hom in gees en in waarheid te aanbid (vgl. Joh. 4:24), bepleit Hy nie 'n gnostiese soort Christenskap wat net in die binnerruimtes van die hart (gees) uitgeleef word nie. In hierdie uitgawe word aangetoon hoedat God juis sedert die skepping die aarde as aanbiddingsruimte ingerig het. Hy orden ons bestaansruimte en die materiële werklikheid op so 'n wyse dat dit heilige grond word waarop die mens voortdurend voor sy aangesig en tot sy eer kan leef.

In die Ou Testament gee God opdrag dat daar 'n baie spesifieke

aanbiddingsruimte ingerig word. Hierdie ruimte word met materiële dinge gevul en het op simboliese wyse iets van die geestelike werklikheid en God se heiligheid sigbaar gemaak. Die tabernakel en later die tempel, was egter tydelik en skaduwees van iets heerliker wat sou kom. Uiteindelik het God in Jesus Christus mens geword en ons ruimte as ware tempel van God betree. In Hom en deur sy soenoffer het ons toegang tot die intieme teenwoordigheid van God. Iets van hierdie werklikheid moet ook deur ons aanbiddingsruimtes weerspieël word.

Ons gemeente, AP Kerk Grootfontein (Tvl.), het onlangs die voorreg gehad om 'n nuwe kerkgebou op te rig. Ons het doelbewus teen 'n pragmatiese, koste-effektiewe benadering gekies, juis omdat ons die simboliese en getuieniswaarde van 'n aanbiddingsruimte besef het. Ons doel was om 'n aanbiddingsruimte te skep wat iets van God se heerlikheid en die versoeningswerk van Christus weerspieël – 'n aanbiddingsruimte waar gelowiges onmiddellik beleef dat hulle op heilige grond is. 'n

Kerkgebou maak immers die kerk/liggaam van Christus en sy teenwoordigheid as opgestane Here in ons wêreld openlik sigbaar.

Oriëntasie

Die oriëntasie van die Ou Testamentiese tempel was van oos na wes. Die ingang is aan die oostekant met die Allerheiligste (God se teenwoordigheid) aan die westekant. Ons kerkgebou het dieselfde oriëntasie. Die ingang is aan die oostekant en die preekstoel, vanwaar God met sy gemeente spreek, aan die westekant. Met hierdie oos-wes-oriëntasie wil ons iets van die simboliek van die tempel vasvang wat die weg terug na Eden uitbeeld. Die mens is weens sy sonde aan die oostekant uit die tuin en uit God se intieme teenwoordigheid verban. Die roete terug is dus van oos na wes.

Sigbaarheid

Ons kerkgebou is duidelik sigbaar vanaf Garsfonteinweg. Dit staan uit tussen die mielielande waar dit gebou is. Niemand kan hier verbyry sonder om met die bestaan van Christus se kerk gekonfronteer te word nie. Hier het ons 'n sigbare en permanente



teenwoordigheid in hierdie wêreld. Elke steen wat hier gebou is, is 'n klip wat uitroep dat Christus die Koning van die konings is. Hierdie kerkgebou getuig daarvan dat die kerk 'n aardse buitepos is van die hemelse stad wat aan't kom is.

Buitenste ruimte

Die voorskrifte wat die HERE rondom die tabernakel en tempel se voorhowe gegee het, bevestig dat nie net die binnekant vir Hom belangrik was nie. Toegang terug na God se intieme teenwoordigheid kan nie sonder versoening gebeur nie, daarom was daar 'n altaar in die voorhof. Ons kerkgebou het egter nie 'n altaar in die voorhof nie. Daar is 'n pragtige tuin wat herinner aan Eden en die nuwe Jerusalem, en by die voorportaal is daar 'n fontein wat dadelik herinner aan Christus se volkome offer vir ons sondes sodat Hy die fontein van lewende water is. Dit nooi uit: *O almal wat dors het, kom na die waters ...* (Jes. 55:1).

Voorportaal en voordeur

Wanneer jy verby die fontein beweeg, kom jy by die voorportaal voor die hoofingang. Die voorportaal is onderdak met die uitnodiging om in die skadu van die Allerhoogste te kom skuil (vgl. Ps. 91).

Die deur

Die hoofingang met sy groot houtdeur herinner aan 'n poort. Soos Noag se ark wat net een deur gehad het, heenwys na Christus as die enigste poort (vgl. Joh. 10:7) tot die ewige lewe, herinner die deur van die kerk aan Christus se woorde: ... *niemand kom na die Vader behalwe deur My nie* (Joh. 14:6). Die oop deur wat uitnoui om in die teenwoordigheid

van die lewende God in te gaan, herinner ons aan die Paasboodskap: Die voorhangsel het geskeur en die Allerheiligste van God se teenwoordigheid is nou toeganklik vir sondaars wat met die bloed van die Offerlam bedek is. Ons kan inkom omdat Hy vir ons ingegaan het.

Die binneruim

Met jou instap, word jou oë dadelik na bo getrek. Jy raak bewus daarvan dat die Onsienbare naby en baie werklik is. Jy word omring deur 'n materiële werklikheid wat jou herinner aan alles wat heilig is: aan God, sy liefde, almag, grootheid, ewigheid, ensovoorts. Die nagmaalstafel en doopvont in die liturgiese ruimte is 'n tasbare herinnering aan die gronde vir ons toetrede voor God se aangesig. Jy word gevul met ontsag, eerbied – diep bewus van jou eie nietigheid – terwyl jy ook daardeur aangetrek en deur liefde, blydschap en skoonheid oorweldig word.

Deur gekleurde vensters sytel die lig af na die vloerarea van die kerkgebou. Die gekleurde vensters het hul eie simboliek. Blou herinner ons aan die hemel; rooi aan die bloed van Christus; groen aan die aarde waaruit ons gevorm is en waarheen ons Here Jesus gekom het om mens te word en geel aan sy heiligheid en mag.

Die kansel

Ons aanbidding bepaal die vorm van ons kerkgebou, terwyl die gebou ook ons aanbidding van die Here stimuleer. Daarom staan die Woord sentraal en is die kansel met die oop Bybel die fokuspunt in die gebou. Die feit dat ons 'n kansel het en nie

Vervolg op bl. 9 >>

LERAARS

Beroepe ontvang

- Dr. Johan Malan na Warmbad.
- Prop. Marno Steyn na Lichtenburg.
- Ds. Christo Jooste (Standerton) na Viljoenskroon.
- Prop. Lourens Prinsloo na Jeffreysbaai.
- Ds. Dianlo Stoltz (Kimberley-Die Kruis) na Schweizer-Reneke.

Beroepe aanvaar

- Dr. Johan Malan na Warmbad.
- Prop. Lourens Prinsloo na Jeffreysbaai.

Beroepe bedank

- Prop. Marno Steyn na Lichtenburg.
- Ds. Christo Jooste (Standerton) na Viljoenskroon.
- Ds. Dianlo Stoltz (Kimberley-Die Kruis) na Schweizer-Reneke.

Emeriteer

- Ds. Ben Wiese (30 Augustus 2025).
- Prof. Danny Nel (28 Februarie 2026).

Oorgang na ander lewenstaak

Ds. Francois de Bruin is kragtens artikel 17.2 losgemaak van die AP Kerk (25 Februarie).

CVO-SKOOKWARTALE

Eerste kwartaal: 15 Januarie – 4 April
Tweede kwartaal: 22 April – 27 Junie
Derde kwartaal: 21 Julie – 3 Oktober
Vierde kwartaal: 13 Oktober – 10 Desember

SKOOKWARTALE

Eerste kwartaal: 15 Januarie – 28 Maart
Tweede kwartaal: 8 April – 27 Junie
Derde kwartaal: 22 Julie – 3 Oktober
Vierde kwartaal: 13 Oktober – 10 Desember

DIE BOODSKAPPER

Bepaalde verskyningsdatums

Maand	Kopie in by Redakteur	Verskyningsdatum
Mei	13 Maart	24 April
Junie	16 April	26 Mei
Julie/Augustus	11 Mei	25 Junie
September	9 Julie	24 Augustus
Oktober	14 Augustus	25 September
November	17 September	26 Oktober
Desember/Januarie	14 Oktober	24 November

Advertensietariewe 2026

Grootte	mm (lengte x breedte)	Prys (hardekopie)	Prys (hardekopie + toepassing)
DIE BOODSKAPPER: HARDEKOPIE			
1/16 blad	40 x 90	R245	R295
1/8 blad	65 x 90	R685	R735
1/4 blad	124 x 90	R1 445	R1 495
1/2 blad	124 x 180	R2 355	R2 405
Vertikale strook	263 x 119	R2 850	R2 900
Volblad	246 x 180	R3 835	R3 885
Binne-agter – ½	148 x 200	R5 125	R5 175
Binne-agter – vol	297 x 210	R7 300	R7 350
Agterblad – ½	148 x 200	R5 145	R5 195
Agterblad – vol	297 x 210	R8 800	R8 850
50% afslag indien AP Kersake geadverteer word (slegs op die hardekopie).			
SLEGS TOEP (GROOTTE: 250 X 300 PX [L X B])			
Plasing: Redaksioneel*			R150
Plasing: Amptelik*			R130
Plasing: Ontvang die Woord*			R130
Plasing: Hoofartikel			R100
Plasing: Gemeentenuus			R100
Plasing: Artikels			R80
*Hierdie plasing kan deur almal gesien word, ongeag of hulle ingeteken is.			
BANKINBETALINGSBESONDERHEDE:			
Rekeningnaam: Lig in Duisternis Media			
ABSA Tjekrekening: 411 338 3472 • Takkode: 632005			
Gebruik die DB-nommer wat aan u toegeken word as betalingsverwysing.			
Sodra ons u advertensie ontvang, stuur ons vir u die DB-nommer.			

FEES- EN OPENBARE VAKANSIEDAE 2026*

1 Januarie*	Nuwejaarsdag
21 Maart*	Openbare vakansiedag
3 April*	Goeie Vrydag
5 April	Paassondag
6 April*	Gesinsdag
6 April	Van Riebeeckdag
27 April*	Openbare vakansiedag
1 Mei*	Openbare vakansiedag
14 Mei	Hemelvaart
31 Mei	Republiekdag
24 Mei	Pinksterfees
16 Junie*	Konsentrasiekampdag
9 Augustus*	Openbare vakansiedag
10 Augustus*	Openbare vakansiedag
14 Augustus	GRA-dag
24 September*	Openbare vakansiedag
10 Oktober	Krugerdag
25 Oktober	Hervormingsfees
16 Desember*	Geloftedag
25 Desember*	Christusfees
26 Desember*	Openbare vakansiedag

*Alle feesdae is nie noodwendig openbare vakansiedae nie.



Die lydende Kneg

Dr. Ernst Viljoen

Skriflesing: Jesaja 50:4-11 • Sang: Gesang 190:1-5

Ons Here Jesus was van alle ewigheid af daar as die enigste, allerheerlikste, geliefde Seun van God. Hy is van ewigheid af God en Koning en Skeppingsmiddelaar. Tog het dit Hom behaag om op die regte tyd onder ons, soos een van ons, in 'n menslike liggaam te kom woon. Hy het nou nog daardie menslike liggaam en is steeds een van ons, in 'n baie spesiale sin.

Dit is egter nie al wat die Heilige Gees aan gelowiges van alle eeue wil openbaar in verband met Jesus Christus nie. Hy het nie bloot mens geword nie, maar ook dienskneg – die groot en beroemde Kneg van die HERE, soos wat ons Hom reeds hier, eeue vooruit, in Jesaja leer ken. Soos daar ook staan: *Hy, wat in die gestalte van God was ... het Homself ontledig deur die gestalte van 'n dienskneg aan te neem ... Homself verneder deur gehoorsaam te word tot die dood toe, ja, die dood van die kruis* (Filip. 2:6).

Ons verwys ook graag na onself as knegte van die Allerhoogste.

Maar wat beteken dit om kneg van die HERE te wees, en is ons werklik daartoe bereid? Jesus sê:

Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here! sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is (Mt. 7:21).

'n Dienskneg is iemand wat die wil van sy heer en meester uitvoer. Miskien is dit die grootste enkele kraak in ons Christelike mondering, dat ons nie regtig weet wat dit beteken om 'n dienaar van die Here te wees nie.

Die bereidheid om te dien, die gewilligheid om die wil van die Vader te volbring, daarop kom dit aan en juis in hierdie opsig is die Here Jesus vir ons die volmaakte voorbeeld. Ons lees nêrens in die evangelie dat die Vader nodig gehad het om deur drome en visioene met Jesus te spreek nie. Wat ons wel hoor, reeds hier in Jesaja, is dat Hy met sy oor naby

die mond van sy Vader geleef het: *Die Here HERE het My 'n geofende tong gegee, dat Ek kan weet om die vermoeide te verkwik met woorde ... Die Here HERE het my oor geopen, en Ek was nie wederstrewig nie; Ek het nie agteruitgewyk nie* (Jes. 50:4-5). Wie is werklikwaar bereid om in gehoorsaamheid die Vader te dien en nougeset en onder elke omstandigheid na sy wil te vra en sy behae te volbring?

Ons almal ken die verskil tussen dooie lippetaal en 'n boodskap vol lewe wat van die Vader af kom. Spurgeon het eens opgemerk dat Jesus nie uit Homself gespreek het nie, maar dit wat Hy van die Vader gehoor het, aan ons bekendgemaak het. Dit is die wortel van kragtige en deurleefde prediking, van elke getuienis, raadgewing en bemoediging wat iets werd is en vir ander tot heil strek: Woorde wat soos manna uit die hemel kom – die lewende brood! Dit is die brood wat voed, versterk, kerke vol maak, vermoeides verkwik, huwelike red en jongmense op die regte pad hou. Dit is lewende

woorde, direkte opdragte wat deur gehoorsame diensknegte en diensmaagde van ons hemelse Heer en Meester ontvang is. En daarvoor moet ons oë, hart en ore op die Here gerig wees, soos die oë van die dienskneg op sy heer en die oë van die diensmaagd op haar meesterses.

En as ons Here soms aan ons moeilike en lastige opdragte gee? Van Hom lees ons dat Hy gehoorsaam was tot die dood, ja, die dood van die kruis. Ter wille van die *vreugde wat vir Hom voorgehou is*, [het Hy] *die kruis verdra, die skande verag ...* (Hebr. 12:2). Hoe sal ons ooit leer wat geloof en gehoorsaamheid is? Nege uit die tien keer beleef ons moeilike omstandighede en onverkwiklike situasies weens ons eie onverantwoordelikheid en sondes. Ons hemelse God en Vader het 'n dure opvoedingstaak met ons. Totius het eenmaal gesê: “Dit is baie moeiliker om in hierdie lewe 'n uitverkore kind van God te wees, as om nie een te wees nie.” Die apostel Petrus sê:

... die oordeel moet begin by die huis van God (1 Petr. 4:17).

Die Here vee altyd eers voor sy eie deur voordat Hy die wêreld sal oordeel. Dié wat Hy liefhet, tugtig Hy om hulle te behou en hulle terug te bring, sê die skrywer van Hebreërs. Dinge waarmee ander mense in die reël sou wegom, daarmee loop die kind van God hom vas, nie omdat ons Here ongenaakbaar is nie, maar omdat Hy 'n God van liefde is wat deurentyd besig is om ons deur sy

Heilige Gees vir Homself te heilig. God het alles geskape tot sy eer, ja, Hy het alles met 'n doel gemaak – ook die goddelose vir die dag van afrekening. Wee dus die arme dwaas wat in hierdie lewe altyd met alles wegom!

En vir daardie een uit tien keer wat ons onskuldig moet ly, beledig en vervolgd word, moet ons ons uitermate verheug. Dan eers word ons in die ware sin navolgers van Christus. Petrus skryf: *Maar as julle ook moet ly ter wille van die geregtigheid, salig is julle. En vrees hulle glad nie, en wees nie ontsteld nie ...* (1 Petr. 3:14); en: *as julle beledig word oor die Naam van Christus, is julle gelukkig ...* (1 Petr. 4:14).

Dit is hoe die evangelie in hierdie wêreld die meeste veld wen, want eers dan kom die ware aard en karakter van 'n Christen na vore. Dít is lyding wat God wil beloon en gaan beloon. Salig is dié vir wie dit beskore is. Ons Here leer ons beslis nie dat die pad na die hemelse heerlikheid 'n pad is wat met eer, lourierkrans en die erkenning en toejuiging van hierdie wêreld besaai is nie. Intendeel, dit wentel dikwels noodwendig deur die vallei van diepe vernedering en miskenning. As ons Meester die kruis gedra het, hoe verwag ons dat ons skouers sonder kneusplekke moet wees! Ons moet hierdie dinge meer en meer te wagte wees, want die wêreld einde kom in sig en Satan sal vanselfsprekend vir laas soos 'n brullende leeu soek na wie hy kan verslind.

Die Kneg van die HERE is ook die een wat vermoeides met sy woorde verkwik. Hy troos en

versterk en wek op tot nuwe krag en moed en hoop. Geen trotsaard of hovaardige mens kan ooit iemand wat verneder en neergeslaan is, bemoedig en verkwik nie. Wie na 'n bedelaar gaan, behang met kosbare juwele en uitgedos in duur klere, is op niks anders uit as om daardie arme sterfling nog verder te verneder nie. Jesus Christus het om ons ontwil kneg geword en met nadruk sê Hy:

Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is ... Neem my juk op julle ... want my juk is sag en my las is lig ... (Mt. 11:28-30).

Jesus staan nie op die rand van die put en skree vir die arme ellendeling daar onder in die dieptes nie: “Toe nou, jong, ruk jouself reg en klim daar uit!” Nee, Hy klim self tot daar in die onderste dieptes en Hy vat jou hand en Hy sê: “Kom ons klim saam hier uit.”

Dit is die weg van die Kneg van die HERE, die een wat gehoorsaam was tot die dood toe. Dit is Hy wat vir ons sê: *Ek het my rug gegee vir die wat slaan, en my wange vir die wat die hare uitpluk; my aangesig het Ek nie verberg vir smaadhede en bespuwing nie* (Jes. 50:6).

Sy woorde is woorde wat die vermoeide verkwik, want sy woorde is Gees en gee lewe. Luister na Hom en jy sal leef!

Amen. ☺

Uit: E.M. Viljoen, *Die tog oor die Kedron – bundel 3* (Pretoria: Lig in Duisternis Uitgewers: Pretoria, 2000). Redaksioneel verkort.

RUIMTE-LIG-PLEK

TRINITARIESE RUIMTE EN ONS PLEK



DR. WIKUS BUYS

***E**n God het gesê: Laat daar 'n uitspansel wees ... (Gén. 1:6). En God het gesê: Laat die waters onder die hemel hulle op een plek versamel, sodat die droë grond sigbaar word ... (Gén. 1:9).*

Alledaagse beskouing

Gewoonlik, wanneer ons aan ruimte dink, kom die idee van die spasie tussen twee punte dadelik by ons op. Ons kulturele idee van ruimte en plek ontstaan natuurlik ook grotendeels vanuit hierdie vertrekpunt. Hierdie idee kom al 'n lang tyd met ons saam. Trouens, die Griekse filosofie beskryf ruimte as die spasie tussen twee atome. Die Engelse begrippe “space” en “place” vind hier 'n staanplek in ons leefwêreld. Die konsepte van “ruimte en tyd”, asook van “ruimte en plek”, word dan so by ons gevorm. Atome, het die Grieke

gedink, is die kleinste denkbare ding, en die “oop spasies” tussen atome vorm ruimte, amper as leë holtes tussenin.

Deur 'n bril ...

Met hierdie bril op het ons vanuit die Westerse tradisie ook die Bybel oor ruimte en plek gelees. Die fisiese atome, die kleinste ding waaraan jy sou kon raak en die metafisiese dinge, die dinge “bo” die materiële wêreld, is 'n onderskeid wat nou nog by ons voorkom. Daaruit spruit byvoorbeeld die onderskeid tussen fisika (die ou natuur- en skeikunde) en metafisika (filosofie en later teologie).

As ons die eerste hoofstuk van die Bybel met hierdie bril (fisika en metafisika) lees, verstaan ons die woord “uitspansel” in Génesis 1:9

net as die blou koepel bo ons, met ander woorde, as die spasie tussen 'n klomp atome. Later, met die tegniese vooruitgang toe ruimte- en pendeltuie hul verskyning gemaak het, het ons van die “buitenste ruim” begin praat (en dit aanvanklik met die “buitenste duisternis” vereenselwig). Wanneer ons die Bybel só lees (op die Griekse filosofie-lyn), dan loop ons die gevaar om die dieper openbaring van God oor ruimte en plek dalk gedeeltelik, of in sy geheel, mis te kyk. Wat nou hier volg, is 'n poging om oor *ruimte* en *plek* vanuit die Hebreeuse taal en denkwêreld te dink, soos dit in Christus se vleeswording en die uitstorting van die Heilige Gees vergestalt word. Daaruit poog 'n mens dan om die Griekse invloed te probeer verstaan. Met hierdie benadering kom 'n mens af op

die openbaring van Trinitariese ruimte, of soos die Amerikaanse teoloog Jonathan Edwards dit sou stel: “God as space.” God wil vir Hom woning maak en in sy eiendom, letterlik in sy kinders, in liefde leef. Hy doen dit egter op só ’n wyse dat sy skepping en skepsels sy ewige heerlijkheid kan aanskou.

Trinitariese ruimte

Die begrip “Trinitariese ruimte” is ’n nuutskepping. Die bekende Afrikaanse vertaling vir dié nuwe konsep is die woord “uitspansel”. Die uitspansel is egter nie die spasie tussen atome nie.

God sê in Génesis 1:3: *Laat daar lig wees*. Die kerkvader Augustinus het al op grond van Johannes 1:1-14 ingesien dat hier sprake is van die Seun van God as die Lig van die wêreld. Hier is dus nie sprake van blote kreatuurlike lig nie, maar van God self as Lig wat verskyn. Daarmee laat God sý dag, die dag van die HERE, in beginsel aanbreek. Wat hierop volg, is die kragtige en onstuitbare deurbreking van die lig en die oorwinning oor die duisternis. So eindig die Bybel dan ook:

En nag sal daar nie wees nie; en hulle het geen lamp of sonlig nodig nie, omdat die Here God hulle verlig ... (Openb. 22:5).

“Laat daar wees ...”

God se volgende “laat daar wees”-uitspraak is in Génesis 1:6: *Laat daar ’n uitspansel wees*. Hy sê dat daar ’n uitspansel tussenin die waters moet wees – die

waters waaroor sy Gees sweef met die bedoeling om daar ’n tuiste te maak (“sweef”, *rāhap* in Hebreeus, se wortelbetekenis dui op “fladder”, “nesskrop” of “broei”). God maak nou skeiding tussen waters en waters, soos wat Hy skeiding gemaak het tussen lig en duisternis, die duisternis wat op die wêreldvloed was (vgl. Gén. 1:2).

God laat die uitspansel tussen die waters wees (bestaan). So ontstaan die waters bo die uitspansel en die waters onder die uitspansel. Hy noem die uitspansel wat Hy self gemaak het, “hemel”. Die volgende dag beveel God dat die waters onder die hemel hulle op een plek versamel sodat die droë grond sigbaar word. Hierdie openbaring oor “plek” (die waters onder die hemel wat op een plek versamel) is baie belangrik vir ons om te verstaan wat God se bedoeling met die uitspansel is.

Die eerste keer wat die woordjie “plek” in die Bybel voorkom, is hier in Génesis 1:9. Om te verstaan wat God daarmee bedoel, moet ons begryp dat God sy skeppingsbevel: *laat daar ’n uitspansel wees*, gegee het nádat Hy gesê het: *laat daar lig wees*.

Uitgesprei

Die woord vir “uitspansel” [Hebreeus: *rāqīa’*] dui op die hemelboog wat uitgestrek of uitgesprei word. Die ou Afrikaanse woord “plet” kan ook gebruik word, soos wanneer ’n ambagsman metaal met sy hamer uitklop of plet (ook platslaan) en so verder uit mekaar spreid of uitstrek. Die idee van ’n vaste “firmament” (ook uitspansel) laat nie die voortgaande uitstrekkings wat hier

bedoel word, tot sy reg kom nie (vgl. Ps. 19:1; 150:1; Eség. 1:22-26, 10:1; Dan. 12:3). Die verspreiding van die lig en die uitstrekkings van die uitspansel gaan hand aan hand as ’n deurlopende daad van God.

’n Plek vir die Naam

Laat daar ’n uitspansel wees ... volg op: *Laat daar lig wees ...* Die ligglans van God se verskynings – sy heilige heerlike Naam – moet plek kry. God noem die uitspansel “hemel”. Dit word die ligplek, God se skepping wat uitgestrek word om sy Naam te omvat. Die HERE skei die waters met die uitspansel – dié bo die uitspansel en dié onder die uitspansel. Hy beveel die waters onder die uitspansel (hemel) om op een plek te versamel. Die Hebreeuse woord vir “versamel” beteken om geduldig saam te bind en om dan ’n hoopvolle verwagting te koester. Die HERE het duidelik verdere planne met hierdie optrede. Die waters wat onder die uitspansel op een plek versamel, veroorsaak dat die droë grond sigbaar word.

Ons kyk hier na drie dinge:

1 Die woord “plek” word later in die Bybel direk verbind aan die plek wat God uitkies om sy Naam te vestig. Die duidelikste verwysing is Deuteronomium 12:5 ... *maar die plek wat die HERE julle God uit al die stamme sal uitkies om sy Naam daar te vestig om daar te woon, moet julle opsoek en daarheen moet jy kom* (vgl. ook Gén. 13:4; 22:4; Ex. 3:5; 20:24; 23:20; 1 Kon. 8:7, 13; Esra 9:8; Neh. 1:9; Jer. 7:12, 14 oor die pleklyn m.b.t. onderskeidelik die altare van Abraham, Silo, die tabernakel

Dr. Wikus Buys is die uitvoerende direkteur van die Begroend Instituut.

en tempel soos wat dit profetiese vervulling in die koms van Jesus Christus en die uitstorting van die Heilige Gees vind). As die waters onder die hemel op een plek versamel en die droë grond sigbaar word, beteken dit ook dat God se Naam aan die hemel verbind word. Die Here Jesus sou eeue later hierdie waarheid bevestig as Hy ons leer bid: *Onse Vader wat in die hemele is, laat u Naam geheilig word ...* (Mt. 6:9).

2 Die woorde “droë grond” is in Hebreeus een woord. Dit dui iets eienaardig aan: Die kernbetekenis daarvan is om skaam te wees, te verlep of om nie geslaagd te wees nie, te kwyn of deurmekaar te wees. Toe die waters onder die hemel op een plek versamel, dié plek wat met God se heilige Naam geassosieer moet word, word die droë grond sigbaar – daar is nie voldoende antwoord aan die verwagting dat God se Naam op hierdie plek na waarde na vore kom nie. (Dit is ook moontlik dat die *waterlose plekke* waardeur die onrein geeste gaan, later dui op die nieverheerliking van God se Naam; vgl. Mt. 12:43).

3 Die woord “sigbaar” beteken verskyn, met die doel om rondom raakgesien te word. God wil dat sy Naam erken en ingesien word, nie net by die waters onder die hemel nie, maar ook op die droë grond. Hierdie deel van die skepping is egter verleë – daar is ’n verwagting van iets meer. Dié deel van die skepping se skaamte, om nie die Naam van die HERE te ken en te eer nie, word ontbloot. God bring stelselmatig sy wonderlike plan met die skepping na vore. Uit die

droë, skaam grond, sal die HERE dae later ’n mens formeer waarin Hy die asem van die lewe sal blaas. Hierdie mens, sy seun Adam, moet sy Naam voluit aan die hele skepping verbind. Vandaar die feit dat Adam die diere name gee en daardeur hul plek voor God aanwys (vgl. Gén. 2:19).

Die begrippe wat vir “ruimte” in die Bybel voorkom, soos die bekende Réhobot-uitspraak van Isak in verband met die putte (vgl. Gén. 26:22), dui daarop dat die HERE verruimend met sy belofte te werk gaan. Die basis hiervoor bly egter die lig van sy heilige aangesig en Naam wat plekmatig ’n antwoord op God se verskyning gee. Die HERE maak dit vir sy kinders plekmatig moontlik om op sy openbaringswoord te antwoord.

Hierdie roeping tot ontmoeting strek baie wyer as die een individu of net een geslag. Dit omvat trouens die hele kosmos waar God se heerlike Naam bekendgemaak word, vir die huidige en die toekomstige wêreld (vgl. Efés. 1:21). So staan dit ook in die psalms opgeteken:

Loof die HERE, al sy werke, op al die plekke van sy heerskappy. Loof die Here, o my siel! (Ps. 103:22). En: Loof God in sy heiligdom, loof Hom in sy sterk uitspanse! (Ps. 150:1).

Naam en name

Wat leer ons uit hierdie gedeelte in Génesis 1:9 dat die waters onder die hemel op een plek

versamel het en dat die droë grond vir God sigbaar geword het? Ten eerste: Dat “plek” in die Bybel altyd aan die Naam van God verbind word; dat God die skepping nie sonder die mens daar wil stel nie; dat die mens nodig is om letterlik God se heerlike Naam oor die hele skepping uit te spel. Wat ’n heerlike roeping en trefwydte van die Christelike wetenskap, wat aan alle geskape werklikhede name gee (definisies verskaf)!

God stuur sy eniggebore Seun Jesus Christus in die plek van Adam wat in sy taak om God se Naam bekend te maak, so erg gefaal het. God vestig sy Naam op aarde deur Jesus Christus en die werking van die Heilige Gees.

’n Plek vir die lig

God bind sy Naam vir ewig aan sy woonplek: Dit is die woonplek wat God met sy kinders wil deel en wat Christus aan sy bruid wil uitdeel. God vergun aan ons plek ook op die aarde, maar die bedoeling is altyd dat ons sy Naam se eer gestand sal doen. Sonder Christus is enige plek eintlik maar net skaam, verleë, droë grond wat nie ’n plek is wat God se Naam ken en eerbiedig nie. Trinitariese ruimte roep om plekmatige invulling van die Naam van God. Laat ons hierdie skeppingsdoel van God altyd in gedagte hou: God skep plek sodat Hy kan sien hoe sy Naam verheerlik word. Dit sien ons ten diepste in die vleeswording van Christus en die uitstorting van die Gees. *Laat daar lig wees* gaan altyd en ewig saam met *laat daar ’n uitspanse* wees. God gee plek vir sy lig – ook vir volke wat sy Naam bely. ☺



Ontstellende berigte dui aan dat Europese Christene aan die verminder is. Is dit bloot die toestroming van Moslems en ander heidene na Europa en die gevolglike verhouding van Christene teenoor ander wat dié indruk skep, of is die Europese Christendom werklik aan die kwyn?

Hoe dit ook al sy, 'n nugter en ingeligte weergawe van die ware toedrag sal waardevol wees.

Burgeroorlog, hongersnood, heidense wette en doodgewone barbaarsheid dryf mense weg van hul voormalige bestaansomgewing die wêreld in. Dat sulke mense Wes-Europa as toevlug sien, spreek uit die nuusberigte van desperate vlugteling wat in onseewaardige vaartaie die oseaan aandurf om út Afrika of die Midde-Ooste, in Europa te kom.

Europa moet iets hê wat vir daardie vlugteling na redding lyk. Die bakens van die Christendom is oral in Europa te sien. Die orde en veiligheid wat die Christendom

daar gevestig het, is ongetwyfeld dit waarna die vlugteling smag. Die naasteliefde, wat selfs die vreemdeling insluit, is vir sulke vlugteling hemel op aarde.

Het Europese Christene deur die eeue nader beweeg aan wat in die Onse Vader lui: *laat u koninkryk kom; laat u wil geskied ... ook op die aarde ...* (Mt. 6:10)? Hopelik is dit wat ons hier aan die suidpunt van Afrika oor die afgelope byna vier eeue ook reggekry het. Die toestroming van vlugteling uit Afrika na Suid-Afrika bevestig minstens dat hier iets is wat vir vlugteling na redding lyk.

Aan die negatiewe kant neem misdaad toe saam met die getal

vlugteling, minstens in Suid-Afrika. Die Shepherd Bushiri's het nie bygedra tot Christelikheid nie. Intendeel. Ongelukkig is dit so dat 'n sensus die Bushiri's as "Christene" aandui. Opnames mag dus aandui dat die getal Christene toeneem, maar die misdaadsyfer leer dat die heidendom aan die groei is.

Teoloë moet leiding gee. Waarom keer mense met 'n Christelike lewenswyse die rug op hul geloof? Hoe moet die Christen sy heidennaaste liefhê? Wanneer "skud ons die stof van ons voete af"?

Piet de Jager

Lidmaat: AP Kerk Moot-Sentraal 🇿🇦

« Vervolg vanaf bl. 2

Die heilige grond van 'n aanbiddingsruimte

'n verhoog nie, beklemtoon die fokus op die Skeppergod wat Homself vanuit die hemel aan ons openbaar. Hy spreek vanuit sy verhewe troon en kom voer gesprek met sy verbondsvolk. Uit die Skrif hoor ons hoe die opgestane Here, die Woord van God, ons vryspreek, ons roep, ons deur sy Gees bemagtig en ons as sy dissipels uitstuur.

Die Lutherroos as kanselkleed – omring met die vyf *solae* van die Reformasie – herinner ons aan die kernwaarhede en ankerpunte van

ons geloof. Christus se kruisdood maak die hart lewend (swart kruis, rooi hart). Hy skenk aan ons geloof sodat ons getroos in die vrede van sy oorwinning kan leef (wit roos) en nou reeds in die hemelse vreugde deel (blou agtergrond). Hierdie troosvolle vreugde en vrede is nie tydelik nie, maar is ons ewige erfdeel (goue sirkel).

Slot

Paasfees herinner ons daaraan dat Christus dit vir ons moontlik gemaak het om die heilige grond van God se teenwoordigheid

met vrymoedigheid te betree. Ons aanbiddingsruimtes behoort 'n getuigenis van hierdie waarheid te wees. Die uitleg en inrigting daarvan moet nie deur pragmatisme beheers word nie, maar deur heilige eerbied.

Ons moet egter onthou dat ons nie net ingaan om God te ontmoet nie. As lewende stene, 'n geestelike huis (vgl. 1 Petr. 2), as draers van die opstandingsgetuigenis word ons ook uitgestuur sodat ander in ons en deur ons ook die lewende, opgestane Christus kan ontmoet. 🇿🇦



Is sigbare dinge sleg?

Prof. Gerrit Smit

Is alles wat jy kan sien, minderwaardig en alles wat jy nie kan sien nie, goed? Dit is 'n eeue-oue vraag en een wat reg in die hart tref van hoe ons oor God, die skepping en verlossing dink.

Deur die geskiedenis het hierdie vraag telkens kop uitgesteek. Sodra ons begin sê dat die sigbare wêreld sleg is en die onsigbare wêreld beter, beweeg ons na 'n beskouing oor die skepping wat nie met 'n Bybelse manier van dink ooreenstem nie. Dan word die skepping iets waarvan ons moet wegkom, eerder as iets wat God goed geskep het en uiteindelik gaan vernuwe. Die vraag raak verder ook hoe ons oor ons liggame, oor die aarde en oor Christus dink.

Agter die vraag of die sigbare dinge sleg is, lê daar 'n lang en ingewikkelde geskiedenis, veral wanneer 'n mens dit vanuit die klassieke filosofie en die Christelike teologie benader.

Plato se onderskeid tussen sigbaar en onsigbaar

Die Griekse filosoof Plato het 'n groot invloed uitgeoefen op die manier hoe daar deur die eeue oor sigbare en onsigbare dinge gedink is. Sy etiek sentreer rondom die oortuiging dat die sigbare en onsigbare dinge twee verskillende wêrelde verteenwoordig. Aan die een kant is daar die sigbare wêreld, die wêreld van sinuïglike waarneming, wat voortdurend

verander en verganklik is en as sleg beskou moet word. Aan die ander kant is daar die onsigbare wêreld wat ewig en onveranderlik is en daarom goed is. Die sigbare wêreld is volgens hom nie soseer boos omdat dit materieel is nie, maar omdat dit nie die finale maatstaf van waarheid is nie. Tog hou hierdie onderskeiding die gevaar in dat die materiële en sigbare werklikheid as minderwaardig beskou word.

'n Christelike regstelling op Plato se idee

Daarteenoor begin die Skrif so: *In die begin het God die hemel en die aarde geskape* (Gén. 1:1). Hemel en aarde word saam genoem – binne een skeppingshandeling. Die onsigbare en die sigbare is nie twee opponerende werklikhede nie, maar twee dele van dieselfde skepping wat God “goed” noem (vgl. Gén. 1:4). Die aarde is nie boos nie en die hemel is nie beter nie. Albei bestaan omdat God dit so wou hê.

Volgens die Bybel is die mens na God se beeld geskape. Dit beteken onder andere dat die mens in staat is om beide die aardse en hemelse werklikheid te begryp. Ware kennis ontstaan nie bloot uit

empiriese waarneming nie, maar uit 'n dieper begrip van God se doel met sy skepping.

Die mens leef as deel van die fisiese wêreld, in afhanklikheid van die natuur, en word geroep om dit te bewerk en te bewaak. Die sigbare wêreld is dus die terrein van die mens se roeping en verantwoordelikheid, nie iets wat hy moet ontvlug sodat hy by die “beter deel”, naamlik die hemel, kan kom nie.

Waar Plato vertrou op die menslike verstand se vermoë om tussen goed en sleg te onderskei, beklemtoon die Bybel die noodsaak van God se openbaring. Ware kennis van God kan nie deur die menslike verstand alleen begryp word sonder dat begrip ook geskenk word nie. God self moet die mens se oë oopmaak om te sien en te verstaan wat goed en sleg is. Hierdie ware kennis kan slegs deur kennis van Christus gevind word.

Paulus bevestig hierdie Christelike beskouing op sigbare en onsigbare dinge wanneer hy skryf dat alle “sienlike” en “onsienlike”

dinge in Christus geskape is (vgl. Kol. 1:16-17). Die onderskeid is tussen sigbaar en onsigbaar, en nie tussen goed en sleg nie. Beide behoort aan Christus en Hy heers oor beide werklikhede.

Die gevolge van 'n verkeerde verstaan

Wanneer die materiële wêreld as minderwaardig beskou word, word die liggaam en die aardse dinge maklik as 'n hindernis vir die goeie verstaan. In navolging van Plato, het die filosoof Pythagoras die liggaam as 'n tronk van die siel beskryf en daarom, meen hy, moet die mens so spoedig moontlik van die liggaam bevry word. Hierdie idee het later onder sommige Christene die idee van askese en onthouding van die wêreld bevorder in 'n poging om nader aan die hemel te kom.

Hierdie denke het veral vanaf die tweede eeu ná Christus onder 'n splintergroep van Christene, bekend as die gnostici, bestaan. Vir baie van hulle was die materiële wêreld inherent boos.

Hulle het gemeen die sigbare wêreld is nie die werk van God nie, maar van 'n bose laer god, die sogenaamde demiurg. Die ware God, het hulle gemeen, is ver verwyderd van die materiële wêreld.

Die sogenaamde Evangelie van Judas, 'n gnostiese teks uit die tweede eeu, illustreer hierdie wêreldbeeld. In hierdie geskrif word Judas nie as verraaier uitgebeeld nie, maar as die enigste dissipel wat Jesus se ware, geheime sending verstaan het. Judas help Jesus om sy liggaam af te lê sodat sy siel bevry kon word.

Die kruisiging word dus volgens hierdie dwaling nie verstaan as plaasvervangende versoening binne God se skeppingsorde nie, maar as Christus se bevryding van materie.

Die Bybel staan lynreg teenoor hierdie raamwerk. Jesus neem werklik vlees aan – Hy het nie 'n skynliggaam nie. Die Bybel beklemtoon dit juis omdat daar reeds in die eerste eeu tendense was om die werklike liggaamlikheid van Christus te bevraagteken. 1 Johannes 4:2-3 waarsku teen die gees wat nie bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het nie, want as Christus nie werklik vlees geword het nie, is die skepping nie werklik gered nie. Die opgestane Christus eet en drink en Hy word aangeraak om te bevestig dat Hy werklik vlees was.

Dit beteken nie dat die Bybel die verganklikheid van die sigbare wêreld ontken nie. In 2 Korinthiërs 4:18 leer ons dat die sigbare dinge tydelik is, terwyl die onsigbare ewig is. Maar “tydelik” is nie sinoniem met boos nie. Die skepping is verganklik weens sonde, nie omdat dit boos geskape was nie.

Die implikasies vir vandag is legio. Elke keer wanneer geloof tot slegs 'n innerlike ervaring gereduseer word waar iemand nie by 'n fisiese plaaslike kerk betrokke hoef te wees nie, weerklink hierdie ou dwaalleer. Wanneer die aarde as minderwaardig beskou word omdat dit verganklik of tydelik is, of wanneer die liggaam onheiligh word omdat mense reken die siel gaan hemel toe en die liggaam bly in die graf, loop sulkes op hierdie on-Bybelse dwaling se spoor.

Is sigbaar dan sleg?

Christus het nie gekom om die materie tot niet te maak nie, maar om dit te heilig. Hy het self vlees en bloed geword. As Christene wil ons derhalwe nie ontvlug uit die wêreld nie, want ons verwag die herskepping daarvan. Ja, ons verwag 'n nuwe hemel en nuwe aarde wat aan die einde van die tyd sal kom. Daarin word die sigbare en die onsigbare nie teenoor mekaar gestel nie, maar saam onder die heerskappy van die verheerlikte Christus gereinig.

Sigbare dinge is nie op sigself sleg omdat hulle sigbaar of materieel is nie. Hulle word sleg wanneer hulle van God losgemaak word, wanneer dit deur die sonde besoedel word, verabsoluteer word asof dit die enigste werklikheid is, of as finale doel van die mens se bestaan behandel word. Net so is onsigbare dinge nie outomaties goed nie. Selfs geestelike idees kan afgodiese vorme aanneem wanneer dit nie aan God se waarheid gemeet word nie. Die ware probleem lê dus nie in sigbare of tasbare dinge nie, maar by die sonde.

In hierdie lig word die vraag self geherformuleer. Die kernvraag vir ons is nie of sigbare dinge sleg en onsigbare dinge goed is nie, maar of alles, sigbaar en onsigbaar, aan God se waarheid onderwerp is. Eers dan word kennis, besluite en die lewe self werklik goed. Ons mag dus sigbare dinge op die aarde benut, waardeur en geniet, mits dit altyd eers aan God se Woord getoets word. ☺

Prof. Gerrit Smit is rektor van die Afrikaanse Protestantse Akademie en leraar (beperkte opdrag) van die AP Kerk Wonderboom.



Ruimte om God te dien

Prof. Koos Adendorff

Tyd en ruimte is die raamwerk waarbinne God die geskiedenis van sy openbaring ontvou. In hierdie artikel word die begrip “ruimte” teologies bedink.

Ruimte as ’n skeppingsgawe

Die eerste vers van die Bybel toon ruimte as ’n skeppingsgawe van God aan: *In die begin het God die hemel en die aarde geskape* (Gén. 1:1). Gereformeerdes bely dat dit ’n skepping uit niks was. Vóór die skeppingsdaad was daar nie ruimte nie – ’n gedagte wat bokant ons begrip is. Ná die skeppingsdaad is daar ’n onmeetlike ruimte – eweneens ’n gedagte wat bó ons begrip is. Dit bring ons egter daartoe om die Skeppergod te aanbid wat in staat is om *die hemel uit [te] span soos ’n tentdoek* (Ps. 104:2).

Génesis 1:2 fokus die aandag onmiddellik op die aarde as die ruimte waar die mens sy bestaan sou voer. God het oor die verloop van die skeppingsdae skeidend te werk gegaan. Hy het lig en donker, waters en waters, asook water en land geskei. Nadat Hy geskei het, het Hy die ruimtes met hemelliggame, seediëre, voëls en landdiere gevul. Hy het ruimtes geskep wat Hy met lewe gevul het. Die ganse skepping, en die aarde in die besonder, was dus nie chaos nie, maar ’n geordende ruimte.

Die mens is laaste geskep met ’n besondere opdrag:

Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde, onderwerp dit en heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en oor al die diere wat op die aarde kruip (Gén. 1:28b).



Dit is insiggewend dat God nie die aarde meteens met mense gevul het nie, maar een man en een vrou geskep het met die opdrag om te vermeerder sodat die aarde uiteindelik met mense gevul kan wees. Soos die mense vermeerder het, moes hulle telkens die grense van hul bewoonde ruimte versit.

Die eerste mensepaar het die bykomende opdrag ontvang om die aarde te onderwerp en *oor die visse van die see en die voëls van die hemel en oor al die diere wat op die aarde kruip*, te heers (Gén. 1:28). Die ruimte wat God geskep het, is dus nie neutraal nie, maar dit is ’n gawe waarin die mens geroep is om te woon en te dien. As beeldraer van God

moes die mens God in die geskape ruimte verteenwoordig deur ’n koninklike funksie te vervul.

Eden as gemeenskapsruimte tussen God en mens

God het die mens wat Hy geskep het, in ’n besondere ruimte geplaas. Génesis 2:8 vertel hoedat God ’n tuin in die Ooste geplant het en *daar aan die mens wat Hy geformeer het, ’n plek gegee* het. Hierdie besondere ruimte verdien nadere ondersoek.

Die oplettende Bybelleser sal dadelik ’n tempelmotief in die beskrywing van die tuin ontdek. Die tuin van Eden was ’n afsonderlike ruimte wat van die res van die aarde te onderskei is. Die indruk word ook gewek dat Eden en die tuin twee afsonderlike plekke is, maar wat ’n samehangende geheel vorm. Water het immers uit Eden gevloei om die tuin te benat. ’n Logiese afleiding is dat Eden op ’n hoër vlak as die tuin geleë was. Eden en die tuin word beskryf in terme wat vir die antieke Bybelleser sou gesê het: Hier is die woonplek van God op aarde.

Die Edenkompleks was egter ook die ruimte waar God aan die mens ’n plek gegee het. Die HERE God het immers self die mens in die tuin geplaas. Hy kon leef van die vrugte van die tuin

en moes in die tuin arbeid verrig. 'n Besondere voorreg van die lewe in die tuin was dat die mens gereeld gemeenskap met God kon beoefen (vgl. Gén. 3:8). God het die mens dus in 'n heilige ruimte geplaas waarin hy sy Skepper se teenwoordigheid kon geniet.

God het ook aan die mens wat Hy geskep en in sy teenwoordigheid 'n plek gegee het, 'n besondere verantwoordelikheid gegee. Hy is *in die tuin van Eden gestel om dit te bewerk en te bewaak* (Gén. 2:15). Hoewel die woordpaar “bawerk en bewaak” op landboukundige arbeid kan dui, is dit insiggewend dat dit op verskeie plekke in die Ou Testament spesifiek in verband met die tabernakel- en tempeldiens gebruik word (vgl. o.m. Núm. 8:26). Adam is dus in die heilige ruimte van die tuin geplaas om God te dien deur sy tuintempel te versorg en te bewaar. Benewens 'n koninklike funksie, het die mens ook 'n priesterlike taak ontvang.

Wanneer 'n mens Génesis 1 en 2 se gegewens bestudeer, word dit duidelik watter omvattende opdrag die HERE met betrekking tot die aardse ruimte aan die mens gegee het. Die mensdom moes vermeerder en die aarde vul. Die vertrekpunt van hierdie arbeid was die tuin van Eden. Vandaar moes die mens as beeldraer van God die grense van God se woonplek onderwerpend en heersend uitbrei sodat dit die hele aarde sou vul en God oral as Koning erken en aanbid sou word. Hy moes sy koninklike en priesterlike taak dus só vervul dat Psalm 8:2 en 10 waar sou wees: *O HERE, onse Here, hoe heerlik is u Naam op die ganse aarde!*

Ruimte ná die sondeval

Adam het dramaties misluk om die heilige ruimte van die tuin te bewaar. Hy het in gebreke gebly om die opdrag van God te onthou en te doen. Deur sy ongehoorsaamheid is die bese slang toegelaat om die tuintempel van God te verontreinig. Die gevolg was dat hy sy priesterlike rol om die tuin te bewaar, verloor het. Adam (en Eva) is as gevolg van hul sondigheid en onreinheid uit die tuintempel as ruimte van God se spesiale teenwoordigheid verdryf, om oos van Eden te gaan woon (vgl. Gén. 3:24).

Die verdere verloop van die heilsgeskiedenis toon dat die sonde 'n versteurende invloed op die ruimtebeskouing gehad het.

Die ruimte oos van Eden waar Adam en Eva hulleself ná die sondeval bevind het, was 'n ruimte waar die sonde hoogty gevier het. Dit het 'n ruimte geword waar die aarde met die bloed van 'n vermoorde broer benat is en waar die moordenaar moes rondswerf sonder om 'n vaste tuiste te vind (vgl. Gén. 4).

Génesis 11 beskryf die mensdom se poging om die ruimte sentraal te beheer. Die mens se geskiedenis is toenemend deur die stryd om ruimtes te beheers, gekenmerk.

Die land as heilshistoriese ruimte

In die verdere verloop van die heilsgeskiedenis word dit duidelik dat ruimte nie bloot 'n geografiese

aspek het nie, maar ook teologies van aard. Wanneer die HERE Abraham uitkies, met hom 'n verbond sluit en aan sy nageslag die land Kanaän as vaste blyplek skenk, word die Beloofde Land die ruimte waar God gedien en die ryke verbondsewe in sy teenwoordigheid ervaar word. In die land as verbondsruiete, funksioneer die hoofstad Jerusalem as aanbiddingsruimte en die tempel in dié stad, as ontmoetingsruimte waar God en mens gemeenskap beoefen.

Die sonde versteur egter ook hierdie ruimte wanneer afgodery toenemend 'n vastrapplek daarin kry. Die heilige ruimte word sodanig onheiligh dat God die ruimte van sy tempel verlaat en land en stad aan Israel se vyande oorgee (vgl. Eség. 11). Dit lei daartoe dat God se ongehoorsame verbondsvolk haar buite die veilige ruimte van die Beloofde Land in ballingskap bevind. God se openbaring aan en deur sy profete toon egter aan dat Hy nie geografies vasgevang kan word nie. Hy is nie tot Kanaän beperk nie, maar beheer alle ruimtes, ook dié van die groot wêreldryke. Daarom kon Israel uiteindelik deur God se beskikking na haar land terugkeer. Die eersydse heerlikheid van die land is egter weg, en dit laat die vraag na die herstel van die ruimte in die lug hang.

Christus herwin die ruimte

Die sonde, wat God se geskape ruimte binnegedring het, is deur die koms van Christus aan bande gelê. Die Seun van God het die hemelse ruimte verlaat om onder ons te kom woon

Prof. Koos Adendorf is emeritusprofessor van die AP Akademie en medeleraar van die AP Kerk Pretoria-Oos.

Vervolg op bl. 19 >>



“Laat u koninkryk kom!”

Die heiliging van Godgegewe ruimtes

Wynand t'Hart

Iemand het my op 'n keer meegedeel dat die besinning van wyle prof. HG Stoker sr. oor die aard en doel van ruimte en tyd, respektiewelik in twee woorde saamgevat kan word: “vervulling” en “bedoeling”.

Inderdaad, die opdrag aan die mens is klinkklaar: ... *vul die aarde* ... (Gén. 1:28). Soos wat God die ruimte geskep het en dit daarna gevul het, so is die mens se opdrag, as beelddraers van God en daarom ook as subskeppers, om die ruimte wat aan ons gegee is, te vul. Verder moet hierdie “vulling” die kontoere van God se eie handeling reflekteer en daarom moet óns vulling ook ordelik wees, skoonheid en goedheid laat seëvier en uiteindelik die waarheid openbaar. Kortom:

Ruimte moet geheilig word en ruimte word geheilig as ons doen wat ons geleer is om te bid: ... *laat u koninkryk kom ... soos in die hemel net so ook op die aarde* ... (Mt. 6:10).

Maar hoe lyk hierdie heilige vulling in die praktyk? Hoe gaan ons met die ruimtelike om sodat dit, soos die refrein in die skeppingswerk van God weerklink het, weer “goed” kan wees? Hoe maak ons die koninkryk van God hier op aarde bekend?

Vir die heiliging van ruimte (wat alles wat ís, insluit), is dit belangrik om rekening te hou met die onlosmaaklike samehang tussen ruimte en tyd. Ons praat baiekeer oor “tyd wat gemors word” of oor “die tyd wat uitgekoopt moet word”. Maar in dieselfde asem geld dit ook vir ruimte. Indien ons tyd mors, misbruik ons ruimte en as ons die tyd uitkoop (m.a.w. reg gebruik), dan gebruik ons ruimte ook ten goede. Ja, waarlik, Satan is alewig besig om tyd te mors, want hy is alewig besig met die ontheiliging van ruimte.

Om prakties oor die heiliging van ruimte na te dink, doen ons dit aan die hand van waarheid, goedheid en skoonheid. Hierdie drie punte kan ons ook perspektiewe noem sodat die een nie sonder die ander bestaan nie. Elkeen impliseer die ander.

Ruimteheiliging met betrekking tot waarheid

Die waarheid wat ons deur die skepping en in die besonder deur die Here se Woord ontvang, vorm die grondslag vir ons verstaan van die heiliging van ruimte. Indien ons nie herhaaldelik besig bly om die Skrif vir beginsels ten opsigte

van 'n gebalanseerde lewens- en wêreldsbeskouing te raadpleeg nie, sal ons nie die kontoerlyne van goed en kwaad, mooi en lelik, waar en vals binne die koninkryk van God begryp nie. Ons sal uiteindelik dinge doen, sê, glo en aanneem wat nie met heiligheid vul nie, maar onheilig vermink. Die Skrif self beslaan ruimte. God het dit goedgevind om vir ons 'n ruimtelike Woord in boekvorm te gee. As ons daarom nie tyd neem om die Woord te ondersoek nie, misbruik ons dit. Die ironie van die saak is dat ons juis dán ons tyd mors!

Hierdie beginsel vind ook sy inslag in ander sfere. 'n Skool, universiteit of selfs 'n kombuistafel waar kinders onderrig word, kan nie bloot neutrale ruimtes wees nie. Wanneer onderrig van God se openbaring losgemaak word, word ruimte ideologies met halwe waarhede of leuens gevul. Waar Christus egter as Here oor alle kennis erken word, word die ruimte van leer en vorming geheilig.

Verder kan ons dink aan implikasies hiervan vir byvoorbeeld die media en kommunikasie. Koerante, sosiale

media en gesprekke tussen vriende vorm denkrumtes. Wanneer ons skinder, oordryf of mislei, ontheilig ons daardie ruimte. Wanneer ons getrou, nugter en opbouend praat, bring ons waarheid in die openbare ruimte.

Dit raak ook besluitneming in die beroep: 'n Besigheidsvergadering of raadsaal is 'n ruimte waar waarheid of valsheid kan heers. Eerlike verslagdoening, deursigtigheid en geregtigheid heilig daardie ruimte; manipulasie en korrupsie vermink dit. Laastens moet die waarheid ook in ons persoonlike denkrumte seëvier. Selfs ons innerlike oorwegings is 'n "ruimte". Wanneer Christus en sy Gees ons denkrumtes oorheers, word ook daardie onsigbare ruimte geheilig.

Ruimteheiliging met betrekking tot goedheid

Hier beweeg ons op die terrein van die etiek en onmiddellik moet die mens se handeling, sy doen en late, voor oë gehou word.

'n Aspek wat tans in ontheiliging ontaard het, is die gesin. God gee ons die opdrag: Wees vrugbaar en vermeerder. Maar die Westerse individualiteit het 'n skreiende daling in geboortesyfers tot gevolg. Lande soos Italië, Duitsland, Japan en ander het 'n negatiewe bevolkingsaanwas. Ek wonder hoe dit onder ons mense lyk? Hoe ironies is die kortsigtigheid van so 'n ideologie nie? Hoe meer tyd ek vir myself wil hê (om nie kinders te kry nie), hoe minder tyd gee ek vir die volk se bestaan. Hierdie ruimtelike verskraling staan lynreg teenoor God se opdrag tot ruimtelike uitbreiding. Dit is 'n misbruik van ruimte en daarom

ook 'n mors van tyd. Laat die getal van die geseënde dissipels in die koninkryk vol word! Laat die koninkryk ook só kom!

In lyn met Hebreërs, laat ons ook die koninkryk kom deur ons gasvryheid. 'n Huis word geheilig wanneer dit vir ander oopgemaak word: vir vreemdelinge, armes, medegelowiges.

'n Etenstafel kan en moet 'n plek van koninkryksgemeenskap wees, waar waardevolle tyd spandeer word om die huis 'n heilige ruimte te maak – 'n huis ván en vir die koninkryk.

Versorging van die kwesbares rondom ons hang ten nouste saam met die vestiging van 'n sterk koninkryksburgery. Hospitale, ouetehuse en selfs ons eie huise word rumtes van goedheid wanneer, soos Jesus, kinders, bejaardes en siekes met waardigheid, deernis en liefde behandel word.

Ons kan verder oor goedheid binne openbare en digitale rumtes dink. Parke, strate en gemeenskapsale word geheilig wanneer mense daar regverdig, ordelik en met respek saamleef. Vandalisme en geweld is konkrete ontheiliging van ruimte – 'n mors van tyd. Aanlyn platforms kan rumtes van goedheid wees wanneer dit gebruik word vir opbouing, onderrig en gemeenskap en nie vir vernedering, verslawing of onderduimse praktyke nie.

Iets soos doemblaaiery of skermroulette ("doomscrolling/ doomsurfing") is byvoorbeeld nie net 'n mors van tyd nie, maar ook 'n misbruik van ruimte. Nóg jou oë, brein, gedagtes, nóg die tegnologie word geheilig.

Ruimteheiliging met betrekking tot skoonheid

Ons kyk daagliks in baie mooi, maar soms ook in afskuwelike dinge vas. Argitektoniese beplanning soos geboue, kantore, huise en dorpe kan en behoort die orde en harmonie van God se wese te weerspieël. 'n Netjiese omgewing wat goed onderhou word, getuig van respek vir die skepping terwyl verval en verwaarlosing, juis van minagting getuig – nie net 'n minagting van die omgewing om jou nie, maar ook van jouself as beeldraer en subskepper van die geordende en heerlike God. Om iets nie mooi te ontwerp of te bou nie, is waarlik 'n mors van ruimte en tyd. Dit spreek nie van die ewigheid nie en dit is nie tydloos nie, want dit eggo nie die waarheid nie. Dieselfde geld natuurlik ook vir kuns en musiek en uiteindelik vir enige kultuurskepping.

Ons kan ten opsigte van ruimtelike skoonheid, goed doen om weer regtig stil te staan by die hoë strewe na liturgiese rumtes soos kerkgeboue, kansels en simboliek, wat in skoonheid en waarheid, die mens tot stilswye en eerbied dwing.

Daar is nog baie om te kan opnoem, maar ons sluit af met die eie. Ons vul, ten opsigte van ons liggame, ook ruimte. Laat dít ook geheilig word. Versorging,

Wynand t'Hart is lidmaat van die Gereformeerde Kerk Pretoria-Meintjeskop en dosent in Bybelkunde aan die AP Akademie.

Vervolg op bl. 19 >>



My boerdery: Katedraal voor God se aangesig

Wikus Bekker

God se boer, saam met God se mense, op God se grond, tot God se eer! Omdat jy God se boer is, moet jy 24 uur van elke dag in 'n verhouding met Hom en volgens sy wil leef. Jy is sy dissipel op jou plaas. Jou boerdery moet 'n ruimte wees waar God se koningskap sigbaar is.

Om te boer, is lekker, maar dit is beslis nie maklik nie. Ons het nie net landbouvaardighede nodig nie. Elke landbouwer het daaglikse inspirasie en bemoediging nodig – lewensvaardighede om al die uitdagings te bowe te kom en steeds effektief te boer.

Daarom, wees versigtig wat jy dink. Jou denke kan jou lewe ingrypend beïnvloed. Wat in ons hart is, bepaal die soort huwelik, huis, gemeenskap, sakeonderneming, boerdery en samelewing wat ons bou. Wanneer ons 'n nuwe hart by die Koning kry, word sy wil ons begeerte.

'n Dankbaarheidslewe op jou plaas

God het die verhouding tussen jou en Hom herstel. Uit dankbaarheid daarvoor leef en boer jy voor sy aangesig. Sonder 'n verhouding met Hom, sal dissipelskap op jou plaas nie vir jou sin maak nie. Daarom moet jy eers vir Christus as Verlosser aanneem.

Ons opdrag in Génesis is om as God se beeldraers en verteenwoordigers, namens Hom oor die skepping te heers. Ons moet alles mooi oppas en kos

produseer. Jou roeping en opdrag is dus om jou boerdery so te bestuur dat die Koning verheerlik word. Dit is die bewys van jou liefde en eerbied vir Hom. Jy eer God as jy:

- Goed vir jou diere en jou bome sorg;
- die waarheid praat en mense op 'n liefdevolle manier aanspreek;
- jou oor die armes ontferm;
- nie vloek en skel wanneer jy kwaad word nie;
- selfbeheersing aan die dag lê deur nie jou humeur te verloor nie;
- ander vergewe omdat God jou vergewe het;
- hard werk;
- jou huismense goed versorg;
- jouself, jou huis en jou omgewing skoon en netjies hou;
- die voertuie en implemente waarmee julle werk, mooi oppas en goed in stand hou;
- betyds is en die regte ding op die regte tyd doen;
- ter wille van jou kinders en jou gemeenskap liever nie drank gebruik nie omdat jy weet hoeveel hartseer, ellende en armoede dit in baie huise veroorsaak.

As ons nie tot eer van die Here leef en boer nie, beteken ons godsdienste niks nie. Ons opdrag is om elke oomblik van elke dag alles wat ons doen, tot eer van die Here te doen. Daarom streef ons daarna om die Koning op ons plaas en in ons boerdery te verheerlik.

Afgodery op jou plaas

God verbied ons om naas Hom ander gode te hê of te gehoorsaam. Afgode is alle mense, geeste of dinge wat 'n groter invloed op ons lewe het as die God van die Bybel. Hy is die enigste ware God.

Ons leefstyl moet volgens die voorskrifte van die ware God wees – die Een wat ons verlos en as sy kinders aanneem. Afgode is alles wat vir ons belangriker as God is en 'n groter invloed as God op ons lewe en boerdery uitoefen.

Byvoorbeeld:

- Waar die afgod van gierigheid heers, sal mense oneerlik wees, ander uitbuit, skelm wees in die besigheid wat hulle doen, hul weiding vertrap of nooit hul lande laat rus nie – net om meer geld en besittings te verkry.

- Eiesinnigheid is ook 'n afgod. Dit sê: Ek sal maak wat ek wil. Ek laat my nie deur iemand leer of voorskryf nie – nie eers deur God nie. Ek weet beter as Hy. Ek is die baas op my plaas! Om jou boerdery só in te rig dat jy die Koning verheerlik, is slegs moontlik as jy bereid is om jou eie wil prys te gee en te doen wat God sê.
- Wanneer jy kwaad bly en bitter raak teenoor iemand wat jou te na gekom of seergemaak het, gee jy die beheer oor jou lewe aan daardie persoon oor. Jy maak hom/haar jou (af)god. Kom ek verduidelik. Skryf die volgende op 'n stukkie papier: “Ek haat jou en sal jou nooit vergewe nie!” Druk dit nou teen iemand se rug vas en hou dit daar. Die persoon teen wie jy die papiertjie hou, is steeds vry om te kom en gaan soos hy wil. Jy het egter jou vryheid verloor. Jy moet nou loop waar hy loop omdat jy hom nie wil vergewe en vryspreek nie. Hy bepaal nou waar jy loop en hoe jy dink, asook wat jy besluit en doen. Hy is nou jou god, want hy beheer jou lewe. As jy 'n bitter mens is, is dit onmoontlik om jou Koning in jou boerdery te verheerlik, want dan beheer God nie jou lewe nie.
- As jou voorouers se tradisies, gewoontes en gebruike in stryd is met die Woord en wil van God, mag jy nie daaraan vashou nie. As jy dit doen, is die tradisies en oorleweringe jou afgode. Niks of niemand mag vir jou net so belangrik of belangriker as Hy wees nie.

Dissipelskap in jou plaasruimte

Jesus het ons beveel om alle nasies sy dissipels te maak. Hy het gesê

ons moet hulle leer om alles te doen wat Hy ons geleer en beveel het.

Die dissipels se lewens is gekenmerk deur oorgawe, omgee en aangee.

Hulle het hul lewens aan God oorgegee. In alles het hulle sy wil gehoorsaam. Hulle het vir mense omgee – vir mekaar en vir ander. Hulle het omgee vir mense se fisieke en geestelike nood. Hulle het ook die goeie nuus, die evangelie van Jesus Christus, vir mense aangegee.

Gebed in jou plaasruimte

Deur geloof en gebed plaas ons ons vertrouwe in Hom wat alles voorsien. Daarom is dit nodig om gereeld te bid en in 'n lewende, biddende verhouding met Hom te wees – elke oomblik van elke dag. God doen soveel dinge wat vir mense onmoontlik is. Sonder jouself gereeld af om te bid en te vas. God werk deur mense. Volhard in gebed, totdat God se wil 'n werklikheid vir jou word. Stel jouself tot sy beskikking om sy planne uit te voer. Alles wat jy in jou ruimte op jou plaas moet doen, sal Hy aan jou bekendmaak as jy in 'n biddende verhouding met Hom leef. Hy antwoord die gebede van sy kinders. Boer op jou knieë voor die troon van God.


Gebed

“Here, my plaas behoort aan U. Uit liefde vir U verbind ek my om u grond met sorg en verantwoordelikheid te gebruik en om niks daarop te doen wat nie u goedkeuring wegdra nie. Help my asseblief om my boerdey só in te rig, dat u koninkryk verheerlik word.” ☺

Wikus Bekker, nasionale skaapboer (2023). Hy boer op die plaas Geluksdam, Edenburg.



PRYS: R100



PRYS: R150



PRYS: R85



Wat bedoel Paulus met “die derde hemel”?

Dr. Barend Hefer

In 2 Korintheërs 12:2 gebruik Paulus die uitdrukking “die derde hemel”. Wat bedoel hy daarmee en hoe moet ons dit verstaan?

“Die derde hemel” en “die Paradys”

Die uitdrukking “die derde hemel” kom nêrens anders in die Ou of Nuwe Testament voor nie, behalwe binne die verband van 2 Korintheërs 12:2-4. Hierdie verse vorm ’n parallelisme:¹

A) *Ek weet van ’n man in Christus, veertien jaar gelede –*

B) *of dit in die liggaam was, weet ek nie, of buite die liggaam, weet ek nie, God weet dit –*

C) *dat so iemand weggeruk is tot in die derde hemel.*

A) *En ek weet van so ’n man –*

B) *of dit in die liggaam of buite die liggaam was, weet ek nie, God weet dit –*

C) *dat hy weggeruk is in die Paradys*

D) *en onuitspreeklike woorde gehoor het wat ’n mens nie mag uitspreek nie.*

Vanuit hierdie patroon moet ons “die derde hemel” en “die Paradys” as sinonieme uitdrukkings verstaan. Maar wat bedoel Paulus met die uitdrukking “die Paradys”?

Die Paradys-gedagte

Die woord “paradys” kom, afgesien van 2 Korintheërs 12:4, net op twee ander plekke in die Nuwe Testament voor:

- In Lukas 23:43 waar Christus vir die misdadiger langs Hom aan die kruis sê dat hy saam met Hom in “die Paradys” sal wees.
- In Openbaring 2:7 waar na die boom van die lewe in “die paradys van God” verwys word, wat as ons Openbaring 22:2 in ag neem, na die nuwe aarde verwys waar die woonplek van God onder die mense sal wees.

In die Septuagint² word die Griekse woord *paradeisos* dikwels gebruik om na die tuin van Eden te verwys.³

“Die derde hemel” en “die Paradys” in Joodse denke

Die idee van ’n derde hemel/Paradys het sterk teologiese wortels⁴ in die ontwikkeling van intertestamentêre Joodse apokaliptiese literatuur.⁵ Tydens hierdie periode was 2 Henog ’n bekende boek, alhoewel dit nooit in die kanon opgeneem is nie. In dié boek word daar na tien

hemelvlakke verwys, waarvan die derde hemel die Paradys en die Boom van die Lewe bevat (vgl. 2 Henog 8). Dit word as ’n plek van onuitspreeklike vreugdes beskryf met ’n welriekende aroma en is “voorberei vir die regverdiges” as hul “ewige erfenis” (vgl. 2 Henog 9).

Die feit dat Paulus in 2 Korintheërs 12:2-4 “die derde hemel” en “die Paradys” (vgl. v. 4) as sinonieme hanteer, wys op die moontlikheid dat hy ten minste hierdie beeld in gedagte neem en daarby aansluit.

Hy word dus toegelaat om iets van die heerlikheid wat vir die gelowiges in die teenwoordigheid van God wag, te sien. Anders gestel: Hy kry ’n voorskou van die nuwe hemel en aarde waar God onder die mense sal woon.

Hierdie verstaan van die derde hemel/Paradys sluit by die breër verband van 2 Korintheërs 12:1-13 aan en dien as bemoediging vir Paulus tydens sy worsteling met die doring in die vlees en valse

apostels (vgl. 2 Kor. 12:7-8, 11-12). Dit sluit ook by sy bemoedig in Romeine 8:18 aan as hy skryf dat die lyding wat die gelowiges beleef, nie kan opweeg teen die (onuitspreeklike) heerlijkheid wat vir hulle wag nie.

Gevolgtrekking

Wat bedoel Paulus dus met “die derde hemel”? Dit is ’n uitdrukking wat hy gebruik om te verwys na die plek waar die gelowiges vir ewig in heerlijkheid saam met God sal leef. Dit is

heel moontlik soortgelyk aan die visioen wat die apostel Johannes in Openbaring 21-22 ontvang, waar hy die troonsaal/woonplek van God sien neerdaal om op die nuwe aarde tussen mense te wees. ☺

Dr. Barend Hefer is leraar van die Gereformeerde Protestantse Kerk Brakpan en dosent by die AP Akademie.

1. ’n Parallelisme stel dieselfde gedagte twee of meer keer (hetsy positief of negatief) deur die gebruik van verskillende woorde of beelde.
2. Die Griekse vertaling van die Ou Testament.
3. Gén. 2:8-10, 15-16; 3:1-3, 8, 10, 23-24; Jes. 51:3; Eseg. 28:13. Die woord word ook op ander plekke gebruik om na ’n gewone tuin te verwys.
4. Die teologiese denke met betrekking tot die “hemele” was nie staties nie. Tydens die intertestamentêre era was daar ’n tienvlakhemelraamwerk van 2 Henog, terwyl dit later, tydens die vasstelling van die Babiloniese Talmoed (5de-7de eeu n.C.), na ’n sewevlakhemelraamwerk verskuif het (vgl. Trak. Hag. 2:1, III, 17B).
5. Veral tussen die 4de eeu v.C. tot die 1ste eeu n.C.

«Vervolg vanaf bl. 13

Ruimte om God te dien

(vgl. Joh. 1:14). Tydens sy aardse bediening het Hy die Bose, wat die aardse ruimte beset het, stelselmatig teruggedring. Deur sy plaasvervangende sterwe aan die kruis en glorieryke opstanding, het Hy die grondslag gelê vir die uiteindelijke verwydering van die bose en onheilige magte uit God se geskape ruimte (vgl. Openb. 21, veral v. 8 en 27).

Hoewel die volkome herstel van ruimte in die toekoms lê, het die kerk die taak ontvang om op grond van Christus se oorwinning, die aardse ruimte vir God se koninkryk te herwin. Die opdrag aan Adam en Eva kry ’n nuwe dimensie: *Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde* (Gén. 1:28) word nou: *Gaan dan heen, maak dissipels*

van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het (Mt. 28:19). Laat ons daarmee besig bly totdat ons saam met Johannes kan sê: *En ek het ’n nuwe hemel en ’n nuwe aarde gesien, want die eerste hemel en die eerste aarde het verbygegaan* (Openb. 21:1). ☺

«Vervolg vanaf bl. 15

“Laat u koninkryk kom!” Die heiliging van Godgegewe ruimtes

fiksheid en algemene liggaamlike gesondheid is nie oorbodig nie, maar ’n aktiewe antwoord van gehoorsaamheid op die bede: *Laat u koninkryk kom*.

Om die aardse ruimte te vul, is om God se koninkryk te laat kom, om sy heerlijkheid oor die ganse

aarde te versprei. Hierin het ons die Skrifwaarheid om ons denke te rig: Bly by die Woord! Hierin het ons goedheid om ons handeling te rig: Doen wat jou hand vind om te doen en doen dit goed! Hierin het ons skoonheid om ons vormgewing te rig: Maak dit mooi, want die waarheid is pragtig!

Wanneer hierdie drie aspekte saamwerk, word ruimte nie net gevul nie, maar dit word rég gevul in afwagting van die volmaakte vervulling van alles. Dan mors ons nie ons tyd nie, maar koop dit uit. Laat dan die koninkryk kom, soos in die hemel, net so ook op die aarde! ☺



Leer om nie op toeval te vertrou nie,
MAAR OP DIE BESKIKKING VAN GOD

Lig in Duisternis
UITGEWERS

NOU
BESKIKBAAR

R250

Die VVV-godsdiens: Die wêreld se vinnigste groeiende “wetenskaplike” godsdiens?

Gary Bates en Lisa Cosner

Baie mense sal wonder waarom daar enigsins oor VVV's (vreemde vlieënde voorwerp(e)) en ruimtewesens geskryf word! Tog is dit uiters belangrik om hierdie geloof teen te staan omdat dit vinnig besig is om die wêreld se mees wetenskaplik-aanvaarbare valse godsdiens te word – en 'n groot struikelblok vir die Christendom. Peilings wys dat dié geloof hoofstroom is en deur die gemiddelde Jan Alleman gehuldig word. 'n CNN/*Time Magazine*-peiling in 1997 het onder andere bevind:

- 80% glo dat die regering die bestaan van buiteaardse lewensvorme wegsteek.
- 64% glo dat ruimtewesens met mense kontak gemaak het.
- 50% glo dat ruimtewesens mense ontvoer het.
- 75% glo dat 'n VVV naby Roswell neergestort het.

Talle mense glo dus dat VVV's werklike, fisiese vaartuie is wat deur ruimtewesens gebruik word. Maak dit hulle aanhangers in 'n godsdienstige sin? Hierdie artikel se wekroep is dat sulke oortuigings mense vir verdere en moontlik dieper misleiding kwesbaar maak. Daarom moet ons denke Skrifgegrond wees sodat ons nie mislei word om te dink dat 'n groot heelal lewe op ander planete veronderstel nie.

Anders as Boeddhisme, Islam, ensovoorts, het geloof in ruimtewesens 'n smeersel wetenskaplike geloofwaardigheid. Daar word selfs aangevoer dat die wêreld se beroemdste wetenskaplike, die fisikus Stephen Hawking, gesê het hy glo waarskynlik dat ruimtewesens bestaan. En die wêreld se bekendste ateïstiese evolusionis, Richard Dawkins, hoe antiteïsties hy ook al is, het geen probleem daarmee dat ruimtewesens teoreties lewe op aarde “gesaai” het nie, mits daar êrens in die ketting van “skeppers” 'n lewensvorm is wat deur evolusie ontstaan het. Die anti-Christelike wetenskaplike en mede-ontdekker van die DNS-molekule, sir Francis Crick, het eweneens voorgestel dat lewe deur panspermie (lewe wat deur ruimtewesens “gesaai” is) hierheen kon gekom het as 'n moontlike verklaring vir die asemrowende kompleksiteit van die gekodeerde inligting op DNS.

As ateïste voer hulle aan dat daar geen bewys vir God is nie. Tog het hulle geen probleem om op “onsigbare” ruimtewesens as ons “skeppers” terug te val nie.

Ontwerp is klaarblyklik nie die probleem nie. Dit is God as Ontwerper waarmee hulle 'n probleem het.

Wanneer mense 'n VVV in die lug sien of met wesens in aanraking kom wat beweer dat hulle van 'n verre sterrestelsel af kom, gee dit ekstra geloofwaardigheid in die gedagtes van die aanhangers, juis omdat soveel wetenskaplikes glo dat daar lewe op ander planete is. Verder skep wetenskapsfiksie, wat geweldig invloedryk is, futuristiese wêrelde waarin hoogs tegnologies gevorderde ruimtewesens die wette van fisika kan oorkom om vanaf ander sterrestelsels die aarde te besoek. Daarom glo die meeste mense, ook die meeste Christene, maklik dat hulle pas iets buiteaards gesien of ervaar het.

Skygbaar is nog meer geloofwaardigheid aan die idee van buiteruimtelike lewe toegevoeg toe NASA 'n astrobiologieprogram geloods het wat toegewy is aan die bestudering van “die oorsprong, evolusie, verspreiding en bestemming van lewe – waar dit ook al mag bestaan”.

Die geloof dat daar lewe op ander planete is, is nie bloot 'n onderafdeling van die vraag na die oorsprong van die skepping nie, maar bied 'n volledige

plaasvervangende teologie vir die Christendom. Die Raeliërs is maar een voorbeeld van 'n kultus wat evolusionisme en geloof in VVV's as kern het. Hulle glo dat "die Elohim" ons buiteaardse "skeppers" was, maar hulle weet nie waar hulle vandaan kom nie. Is hulle eweneens geskep, of het hulle uit dooie materie geëvolueer? En as hulle geskep is, wie is dan hul "beginskepper(s)"? Al dink hulle die vraag oor die oorsprong van lewe is daarmee opgelos en intelligente ontwerp uitgepluis, skuif elke "skeppersras" die vraag net een stap terug, na 'n ander planeet, sonder 'n uiteindelijke antwoord.

Leerstellings van die VVV-godsdiens

Daar is ook 'n soteriologiese aspek aan die VVV-godsdiens. Ruimtewesens word beskryf as ouer en meer gevorderd – eties sowel as tegnologies. Dis 'n bisarre bewering gegewe die brutale en onetiese aard van sommige beweerde ontvoeringservarings. Dikwels is New Age-godsdiens en VVV-oortuigings sterk verweef. Ruimtewesens gaan ons glo van aardverwarming, ensovoorts, red en vir ons wys hoe om in harmonie met ons planeet te leef.

Soms tree ruimtewesens ook as "regters" op. Raeliërs beweer daar is 'n paneel beoordelaars wat sal besluit wie tot die ewige lewe gekloon word en wie nie. Dit beoordeel volgens die verdienstelikheid van werke, soos ander valse godsdienste. Dog, in die afwesigheid van 'n alwetende God, wie besluit wat "goed genoeg" is? En volgens wie se maatstaf geskied dit? Hierdie

probleem kom algemeen voor in die verlossingsaspek van die meeste valse godsdienste.

Daar is ook 'n eskatologiese aspek. Sommige meen die ruimtewesens sal kom en al die mense wat weier om Moeder Aarde te laat evolueer, wegneem. Hulle sal óf vernietig word, óf iewers anders heen geneem word.

Dit is 'n amper blatante weergawe van die Christelike premillennialistiese siening waarin Christene "weggeraap" word, met ander woorde, deur Christus weggeneem word voordat die Groot Verdrukking aanbreek. Daar is ook sienings dat mense wat in ruimtewesens glo, deur ruimteskepe na 'n planeet genaamd Hemel weggeneem sal word, wat in sommige weergawes selfs 'n goue stad soortgelyk aan die nuwe Jerusalem bevat.

Hierdie sienings stem opvallend ooreen met 1 Korinthiërs 15:51-52. Dit moet ons nie verbaas nie, want die vyand was nog altyd 'n vervalser wat hom voordoen as 'n engel van die lig (vgl. 2 Kor. 11:14).

Sakramente en "heilige plekke"

Sommige mense raak só betrokke by die ruimtewese-verskynsel dat hulle begin om sogenaamde ruimtebroers "'n stem te gee" en dan beweer hulle dat die ruimtewesens inderdaad deur hulle kommunikeer. Maar hoe

kan 'n fisiese wese 'n stem gegee word? Sommige ruimtewesens beweer dat hulle verder as materie na 'n geestelike bestaan geëvolueer het. Dit probeer 'n ateïstiese, evolusionêre meganisme bied om te regverdig dat ruimtewesens in werklikheid geestelike wesens is wat die Enig-geestelike Wese, God, kan vervang!

Groepe soos Circlemakers wys na koringkringe as 'n belangrike fisiese bewys van ruimtewesens se besoeke. Hulle beweer dat die ontwerpe te kompleks is om deur mense gemaak te word. Mense wat by die bou van koringkringe betrokke is, rapporteer dikwels vreemde verskynsels rondom hierdie terreine, byvoorbeeld: klein ligbolle, ligkolomme, en verblindende flitse; fisiologiese effekte; genesingseffekte, soos die genesing van akute osteoporose; fisiese effekte soos die uitval van kameras en ander elektroniese toerusting.

Demonoloë meen dat wanneer mense met die okkulte peuter, bese geeste gewoonlik die geleentheid sal aangryp om mense te mislei en beheer oor hulle te verkry. 'n Minder bekende feit oor Circlemakers is dat hulle, voordat hulle die winsgewende kommersiële mark betree het, hulself Team Satan genoem het. Dit is 'n baie gewaagde naam en kan iets van hul bedoeling suggereer. Het koringkringe moderne heilighdomme van okkultiese aanbidding geword? Beslis. Team Satan vestig uitdagend die aandag op die "bonatuurlike kant" van hul werk, miskien doelbewus,

<https://bit.ly/4r44m91>. Met toestemming vertaal en redaksioneel verkort.

om meer mense met die nuuskierigheidsfaktor die donker wêreld van die okkulte in te lok.

Wat sê die Bybel?

Hoewel die Bybel nie spesifiek oor ruimtewesens praat nie, is dit nie stil oor hierdie kwessie nie.

Eerstens sê die Bybel duidelik dat God geskep het. Trouens, een van sy kerneienskappe is dat Hy die ongeskape Skepper is. Dit is die wesenlike verskil tussen Hom en die lewelose afgode wat deur mensehande gemaak is (vgl. Jes. 40-44). Sy skepping was antroposentries in dié sin dat die doel daarvan was om die mens in sy beeld voort te bring, ewige gemeenskap met hom te hê en 'n bruid vir Christus voort te bring. Hierdie doel was só belangrik dat selfs ons sonde Hom nie van ons kon vervreem nie. In plaas daarvan, het die Tweede Persoon van die Drie-eenheid Homself vir ons geoffer sodat ons weer in 'n regte verhouding met die Vader gebring kan word.

Tweedens sê die Bybel dat daar geestelike wesens is wat engele genoem word, waarvan 'n derde teen God in opstand gekom het. Die leier van hierdie opstand word Lucifer ("wese van lig") of Satan ("aanklaer") genoem. Sy primêre kenmerk is dat hy 'n misleier (bedrieër) is. Ons sien dit in sy eerste daad wat in die Skrif opgeteken is toe hy Eva mislei het om te sondig en sy Adam oorreed het om ook in opstand te kom. Sy missie is om God, sy Skepper, te tart deur soveel mense as moontlik te vernietig. Satan haat mense omdat hulle na die beeld van die Skepper (wat hy haat) gemaak is en Hy hulle liefhet.

Hierdie engele kan in verskillende vorme verskyn. Dié wat aan God gehoorsaam is, verskyn altyd as mans, maar nie altyd as menslike mans nie (sien bv. die beskrywings van engele in Eségiël en Openbaring). Baie glo dat gevalle engele op 'n tydstop met menslike vroue saamgeleef het en die Nefilim ("reuse") voortgebring het. Hierdie engele is egter in afwagting van die oordeel in 'n spesiale gevangenis opgesluit. Daarom kan hierdie gebeure nie herhaal word nie (vgl. 2 Petr. 2:4-5).

Tekens en wonders

Die Bybel dui aan dat die eindtyd deur 'n toenemende intensivering van bonatuurlike tekens en wonders wat daarop gemik is om die wêreld te mislei, gekenmerk sal word (vgl. Mt. 12; Mk. 13). Openbaring is selfs duideliker en sê dat die valse profeet tekens en wonders sal doen om mense voor die dier, die Antichris, te laat buig (vgl. Openb. 19).


Die duiwel is 'n vervalser. Daarom behoort ons nie verbaas te wees nie dat net soos Jesus se tekens en wonders daarop gemik was om mense op Hom en die waarheid van sy leer te rig, die valse tekens en wonders dien om mense te mislei om sy leuens te glo. Wanneer Paulus in 1 Timótheüs 4 hierna verwys, maak die konteks dit duidelik dat hy praat oor 'n spesifieke dwaalleer wat in die gemeentes in Asië die rondte gedoen het – 'n tipe proto-gnostisisme. Leerstellings wat deur demone geleer word, vind goed aanklank hierby. Eintlik is dit 'n hele alternatiewe teologie wat deur dissipels van die ruimtewese-godsdiens gepredik word.

'n Waarskuwing

Dit is 'n fout vir Christene om oningelig te wees of die ruimtewese-verskynsel te ignoreer. Geloof in ruimtewesens is só wydverspreid dat die kerk as irrelevant beskou sal word as Christene nie die kulturele werklikheid van hierdie onderwerp aanspreek nie. Hierdie "geloof" se wetenskaplike benadering het 'n aantrekkingskrag wat selde in ander valse godsdienste gevind word. Talle aanhangers beeld Jesus uit as 'n hoogs gevorderde ruimtewese wie se gevorderde tegnologie Hom die vermoë gegee het om skynbare wonderwerke te verrig en selfs dooies op te wek. Sulke idees daag tradisionele Christelike oortuigings uit.

In baie van die kerke wat Gary Bates (medeskrywer van hierdie artikel) besoek het, was daar individue wat iets in die lug gesien het wat hulle nie kon verklaar nie. Sommige het selfs al ontmoetings met wesens gehad wat beweer dat hulle van 'n ander planeet afkomstig is. Dikwels het diegene nog nooit met hul leraars of medelidmate daaroor gepraat nie uit vrees vir bespotting. Namate sulke "ervarings" eskaleer weens die groeiende invloed daarvan op die samelewing, behoort ons ag te slaan op Jesus se waarskuwing in Mattheüs 24:24-25:

Want daar sal valse christusse en valse profete opstaan, en hulle sal groot tekens en wonders doen om, as dit moontlik was, ook die uitverkorenes te mislei. Kyk, Ek het dit vir julle vooruit gesê. ☹



DWARS (Jes. 38)

1. Om te ontslaap (38:10)
3. Soos 'n leeu bene vermorsel (38:13)
5. God is Hiskía se Beskermheer (38:14)
7. God sê Hiskía sal doodgaan (38:1)
9. Hiskía het tot God gesmeek (38:2)
10. Hiskía was baie beangs (38:14)
12. Deurgang tot die doderyk (38:10)
14. Aantal grade op wyser agteruit (38:8)
17. 'n Reieragtige trekvoël (38:14)
19. Geluid wat 'n duif maak (38:14)
20. Die fleur van jou lewe (38:10)
21. Die wyser het tien grade afgesak (38:8)
23. Die bevolking van die wêreld (38:11)
25. Hy wil mense steeds gadeslaan (38:11)
26. Die seun van Amos (38:1)

28. Die geestewêreld (38:10)

31. Om te verleen, om toe te staan (38:5)
32. Oorsig deur Hiskía opgestel (38:9)
33. Noodlottig, fataal (38:1)
34. Behandeling vir die sweer (38:21)
35. Ongemerkt, langsaam (38:15)
36. Hiskía moes 'n opdrag gee (38:1)

AF (Jes. 38)

1. Sentrum van jou wese, innerlike (38:3)
2. Uit hul hand word Hiskía gered (38:6)
4. God sal die stad beskerm (38:6)
5. Hy word van orige jare ontnem (38:10)
6. Sy ongeregthede is vergewe (38:17)
8. Sy woonplek is vernietig (38:12)

9. Waargeneem, geluister (38:5)

10. Hiskía het erg, geweldig geween (38:3)
11. Iemand wat weefwerk doen (38:12)
13. Druppels oogvog (38:5)
15. Die waarmerk van die grade (38:5)
16. Opreghheid, standvastigheid (38:3)
17. Plek van vernietiging (38:17)
18. God het sy gebed verhoor (38:5)
19. Hiskía het bitterlik gehuil (38:3)
21. Sy wond is genees (38:21)
22. Die man van die sonnewyser (38:8)
24. Klein trekvoëltjie wat piep (38:14)
25. Jesaja se vader (38:1)
27. Aandoening van die liggaam (38:9)
29. Restant van sy jare (38:10)
30. Uit Assirië se hand verlos (38:6)
31. Onderneem, gewaarborg (38:15)



Jou huis as jou aanbiddingsruimte

Estelle Hefer

Wonder jy ook soms hoeveel kerse die deugsame vrou van Spreuke 31 moes brand? Voel jy ook soms oorweldig deur hierdie “supervrou” en al haar bedrywighede? Tog dien sy ons tot bemoediging en versterking. Sy wys hoe dit lyk wanneer ons die bonatuurlike krag wat in Christus en deur die Heilige Gees tot ons beskikking is, gebruik om godvresend te leef (vgl. 2 Petr. 1:3).

Die spreekwoord lui: “Jou huis is waar jou hart is.” Ek wil egter verder gaan deur te sê: Waar jou hart is, daar sal jou aanbiddingsruimte wees. Die deugsame vrou se hart is by God. Daarom is God haar huis en haar aanbiddingsruimte, of anders gestel: God is haar “atmosfeer”.¹

Hoe sal hierdie gedagte dat “God ons atmosfeer” is, ons onmiddellike leefruimte beïnvloed?

Die deugsame vrou

Alles wat ons doen, vloei uit die hart voort. Dit getuig van wie of wat ons aanbid en vorm ons “aanbiddingsruimte”. Wanneer ons harte soos die deugsame vrou se hart by God is, sal ons vir Hom ’n heilige vrees en ontsag hê. Ons sal onself daaglik in sy Woord verdiep en dit dag en nag oordink (vgl. Ps. 1:2). Ons lewens sal getuig van ’n begeerte om God in alles wat ons doen, te verheerlik (vgl. 1 Kor. 10:31).

Haar man

Wanneer God my atmosfeer is, kan die hart van my man op my vertrou (vgl. Spr. 31:11). Dit is dan dat ons ons huwelike volgens God

se bloudruk sal inrig en weet dat ek en my man een in Christus is. Hierdie verhouding is die primêre horisontale verhouding. Alle ander verhoudings (met ouers, kinders, kollegas, ens.) staan sekondêr tot die huwelik. Net my verhouding met die Here as my “atmosfeer” geniet voorrang. Daarom sal ek my voorneem om my man te ondersteun wat as verbondshoof van die huis, vir alles wat hiër gebeur, voor God aanspreeklik staan.

Mag ek meer gereeld, weer en weer, besef dat my verhouding met my man ’n weerspieëling van my verhouding met Christus is (vgl. Efés. 5:21-24). In hierdie opsig moet ons onself eerlik vra:

Hoe sal die kerk lyk as háár onderdanigheid aan Christus lyk soos my onderdanigheid aan my man?

Binne hierdie veilige atmosfeer is dit belangrik dat ons nie teen vlees en bloed sal stry nie, maar dat ons juis meer vir ons mans, wat in die voorste linies van die geestelike oorlog staan, sal bid. Laat ons onself voorneem

om alles in ons vermoë te doen om hulle te help om die huis in ’n aanbiddingslushof te verander – die plek waar die wapenrusting vir die stryd teen die bose magte aangevord kan word (vgl. Efés. 6:10-18), én ’n ruimte waaroor *Soli Deo Gloria* geskryf staan.

Haar gesin

Die duiwel wil God se plek as ons atmosfeer steel. Elke mens se hart is vir aanbidding gemaak en as God nie aanbid word nie, sal iets of iemand anders daardie plek inneem. Ons en ons kinders is gebore liefhebbers van die self en haters van God (vgl. Rom. 1:30). Daarom moet ons moeite doen om ons kinders ontsag vir die Here te leer en hulle op te lei om die geestelike stryd te stry (vgl. Efés. 6:4, 11-12). Deur die krag van die Heilige Gees moet ons alles in ons vermoë doen om ons huise veilige ruimtes te maak waar sonde erken en hanteer word, om sodoende in heiligmaking te groei.² Dit is in ons huise waar ons kinders deur liefde, dissiplinerende en die krag van die evangelie bemoedig en tot ’n Godvresende en

-verheerlikende lewe aangespoor word. Daarom poog ons om deur ons voorbeeld, 'n liefde vir die Woord en 'n intieme verhouding met die Here te kweek; om ons mans met huisgodsdienste te ondersteun en vir hulle in te staan wanneer hulle nie tuis is nie.

Binne hierdie huislike atmosfeer leer gesinslede om mekaar te dien, lief te hê en te respekteer. Dit is hier waar hulle leer dat elke gesprek met vader, moeder, broer of suster 'n gebed voor die HERE is (vgl. Mal. 3:16).

Dit is belangrik dat ons kinders sal besef dat die gesin 'n skadubeeld van die kerk van Christus in die klein is.

Hoe sal die kerk dan lyk as my gesin 'n toonbeeld daarvan is? Hoe kan ons liefde en deernis by die gemeente verwag, terwyl ons gesinne dalk binne 'n giftige atmosfeer van selfsug funksioneer?

Die huis as aanbiddingsruimte

Omdat God ons atmosfeer is en die huis ons aanbiddingsruimte, is dit belangrik dat ons kinders sal leer hoe 'n lewe van oorwinning oor die sonde lyk. Wanneer ons klere stryk, vloere vee, tafels dek en beddens opmaak (die direkte effek van die sondeval), sing ons lewens 'n loflied tot Christus – Hy wat die prys vir sonde betaal en vir ons die oorwinning behaal het. Deur ons kinders te leer om hul leefruimtes netjies te hou, skep ons 'n gunstige atmosfeer vir lofprysing. Ons moet egter waak teen die vrees vir mense om soos Martha oor baie dinge besorg te wees (vgl. Lk. 10:41). Ons hou nie ons huise netjies omdat ons bang is vir wat mense mag dink of om hulle te beïndruk nie

(vgl. Spr. 29:25), maar eerder om ander in ons aanbiddingsruimte in te nooi sodat hulle saam met ons die Here kan aanbid. Só leer ons ons kinders hoe 'n lewe lyk wat God in alles verheerlik en in Hom die vreugde vind.³

Ons kinders moet leer dat die inrigting van ons leefruimte en hoe ons daarin leef, getuig van wie of wat ons aanbid. Daarom is daar duidelike reëls en riglyne rondom enigiets wat die potensiaal het om 'n huisgod te word (vgl. Gén. 31:34) en goedjies wat die aandag van aanbidding kan aftrek. Dink byvoorbeeld aan 'n kleintjie wat 'n “trosie” het en iewers moet leer dat die Heilige Gees ons Trooster is. Duidelike reëls en riglyne oor sosialemediagebruik moet kinders leer dat vriendskap met die wêreld vyandskap met God is. Ook Pa en Ma moet waak oor die dinge wat hulle self gebruik om ná 'n bedrywige dag “af te skakel”. Kan jou kinders sien dat God jou atmosfeer is en die Here jou herder wat jou lei na groen weivelde en waters waar daar rus is (vgl. Ps. 23:2)?

Haar hande en die huislike ekonomie

God is ons atmosfeer en daarom hoef ons nie bekommerd te wees oor wat ons sal eet en wat ons sal aantrek nie, want ons goeie herder het reeds in sy groot voorsienigheid alles in ons hande geplaas wat nodig is sodat ons niks sal kortkom nie (vgl. Ps. 23:1; Spr. 31:21; Mt. 6:25-32).

Ons moet onself ook besig hou met dit wat die Here in ons hande geplaas het. Of dit ons finansiële posisie verbeter of nie, dit bied 'n

geleentheid om vir ons kinders te wys hoe diensbaarheid lyk deur ons aanbiddingsruimte na buite te neem (vgl. Spr. 31:13, 16, 19-20).

Vir elkeen van ons sal dit verskillend lyk. Nie almal gaan 'n wingerd aanplant of klere maak om te verkoop nie. God het egter vir elkeen van ons verskillende gawes en goed in ons hande gegee om ons gesinne en ons naaste mee te dien en God so te verheerlik deur ons atmosfeer met hulle te deel.

Slot

Wat het jy op die oomblik in jou hande? Hoe leef en leer jy jou kinders om hul dankbaarheid teenoor die Here na buite uit te leef? Getuig jul leefruimte van 'n persoonlike verhouding met God? Hoe ondersteun jy jou man? Is God jou atmosfeer? Is Hy jou vreugde en die Een vir Wie jy in alles wat jy doen, wil verheerlik?

Ja, ons struikel gereeld, maar ons het die Heilige Gees om ons te help om ons huise in aanbiddings-lushowe te verander en *Soli Deo Gloria* daaroor te skryf. ☺



Estelle Hefer is die eggenote van dr. Barend Hefer, Gereformeerde Protestantse Kerk Brakpan.

1. J.E. Adams, *A Theology of Christian Counseling*, (Grand Rapids: Zondervan, 1979), 39-40.
2. J.E. Adams, *Christian Living in the Home*, (Grand Rapids: Baker Books, 1979), 11-13.
3. Westminster Korter Kategismus, v/a 1.



Koninkrykswerk: Plaaslik of internasionaal?

Ds. Dianlo Stoltz

Om hierdie vraag te vra, hou eintlik 'n valse keuse voor, asof die een ten koste van die ander gebeur. Om hierdie vraag te vra, sal dieselfde wees as om te vra: Wat is belangriker, om in te asem of om uit te asem?

God se Woord leer dat die uitbreiding van sy koninkryk nie 'n keuse tussen plaaslik óf internasionaal is nie, maar eerder 'n opdrag van plaaslik én internasionaal. Om die opdrag te verstaan, moet ons eers vasstel wat die Skrif oor God se koninkryk leer. Eers dan kan ons aan die opdrag om daaraan te werk, gehoorsaam wees.

Laat u koninkryk kom

Wanneer een van die dissipels ons Here Jesus vra om hulle te leer bid, dan is die tweede bede: *Laat u koninkryk kom* (Mt. 6:10). Wat beteken dit om hiervoor te bid?

Die Heidelbergse Kategismus verduidelik in Sondag 48 v/a 123 dat ons met hierdie bede onder andere van God vra: “bewaar en vermeerder u kerk”. Nog meer spesifiek en in verband met hoe die kerk vermeerder, gee die Westminster Groter Kategismus v/a 191 vir ons dié duidelike antwoord: “[Dat] die evangelie wêreldwyd verkondig word.”

Dit moet vir ons baie duidelik wees dat daar 'n stryd tussen koninkryke is: Die koninkryk van God en die koninkryk

van die Bose. Deur die verlossing wat iemand deur Jesus Christus kry, word hy/ sy deel van God se koninkryk. Kolossense 1:13-14 stel:

Hy wat ons verlos het uit die mag van die duisternis en oorgebring het in die koninkryk van die Seun van sy liefde, in wie ons die verlossing het deur sy bloed, naamlik die vergifnis van die sondes.



Al behels die koninkryk van God 'n verskeidenheid ander dinge, is daar vir seker die aspek van die verkondiging van die evangelie en daardeur die uitbreiding van die kerk. Dit is die wonderlike nuus vir elke gelowige dat die koninkryk van God nie net 'n geestelike werklikheid is nie, maar ook 'n fisiese realiteit van ander gelowiges wat saam met my in

God se koninkryk deel. Dit is die nuwe geestelike gemeenskap van dissipels wat die ewige lewe, vryheid en vrede in Jesus Christus gevind het en Hom as Koning aanbid.

Die koninkryk word verkondig en brei uit

Elke gelowige wat deel het aan hierdie koninkryk van God, kry ook die opdrag om hom/haar vir die groei van die koninkryk in te span. Baie van die gelykenisse wat ons Here Jesus geleer het, was juis op hierdie groei gefokus. As Hý so baie klem daarop geplaas het, behoort ons gehoor daaraan te gee. Die koninkryk groei soos die saad wat in 'n land gesaai is – dit groei tot die insameling van die oes aan die einde (vgl. Mt. 13:24-30). Die goeie saad, word verduidelik, is die kinders van die koninkryk (vgl. v. 30). Dit word ook vergelyk met 'n mosterdsaadjie wat klein begin, maar as dit klaar gegroei het, is dit 'n groot boom waarin die voëls van die hemele nesmaak (vgl. Mt. 13:31-32).

Wanneer ons hierdie gelykenisse hoor, besef ons gou dat die koninkryk van God nie tot een plek beperk kan word nie. Die

Here Jesus het aangedui dat hierdie koninkryk sou groei as Hy in Matthéüs 24:14 sê:

En hierdie evangelie van die koninkryk sal verkondig word in die hele wêreld tot 'n getuienis vir al die nasies.

Ons Here het die belofte van Matthéüs 24 in Matthéüs 28 as 'n opdrag aan sy volgelinge gegee met die bekende woorde van vers 19: *Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.*

In God se oorstroomende genade gee Hy egter nie vir ons 'n opdrag sonder om ons daarvoor te bemagtig nie. In Handeling 1:8 lees ons: ... *maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees.* God stel ons in staat om te kan doen wat Hy van ons vra.

Die res van die boek Handeling getuig van die dissipels se getuienis toe hulle krag ontvang het om dit te doen. Ons lees spesifiek op verskeie plekke hoe die gelowiges die “koninkryk van God” leer en verkondig het (Hand. 8:12; 19:8; 28:23, 31).

God het gekies dat sy koninkryk deur die verkondiging van die evangelie van Jesus Christus moet groei. As Hy ons die opdrag gee om die koninkryk internasionaal te verkondig – aan al die nasies en tot aan die uithoeke van die aarde – dan het die apostel Paulus 'n baie logiese vraagpatroon van hoe dit enigsins bereik kan word:

Hoe kan hulle Hom dan aanroep in wie hulle nie geglo het nie? En hoe kan hulle in Hom glo van wie hulle nie gehoor het nie? En hoe kan hulle hoor sonder een wat preek? En hoe kan hulle preek as hulle nie gestuur word nie? Soos geskrywe is: Hoe lieflik is die voete van die wat die evangelie van vrede verkondig, van die wat die evangelie van die goeie verkondig! (Rom. 10:14-15).

Die opdrag om God se koninkryk te laat groei, is ononderhandelbaar. Wees egter verseker dat dit nie óns is wat dit laat groei nie. God is die Een wat laat groei (vgl. 1 Kor. 3:7). Ons word slegs geroep om te plant en nat te lei (vgl. 1 Kor. 3:6). Alhoewel ons nie laat groei nie, kan ons nie ongehoorsaam wees aan ons opdrag om die koninkryk van God te verkondig nie. Elke gelowige behoort 'n passie te hê vir die bevordering en groei van die koninkryk van die lig deur 'n instrument te wees wat God gebruik om mense uit die koninkryk van die duisternis te verlos.

Die koninkryk plaaslik én internasionaal

God se opdrag om die koninkryk te verkondig, behoort plaaslik én internasionaal gehoorsaam te word. Wanneer ons deur die Heilige Gees krag ontvang om getuies te wees, dan is dit nie om op sekere plekke getuies te wees en op ander nie. Dit is 'n opdrag om getuies te wees *in*

Jerusalem [plaaslik] sowel as in die hele Judéa en Samaría [provinsiaal en nasionaal] en tot aan die uiterste van die aarde [internasionaal] (Hand. 1:8)

Die dissipels het nie in die bovertrek bly sit en wag met 'n bord onder by die deur wat sê: “Sondae 09:00. Almal welkom!” nie. Hulle het die opdrag gehoor dat hulle moet gaan en dissipels maak van ál die nasies (vgl. Mt. 28:19). Daarom het hulle onmiddellik nadat die Heilige Gees uitgestort is, begin om die evangelie te verkondig (vgl. Hand. 2). Die res van die boek Handeling vertel hoe die koninkryk van God verkondig is en versprei het in Jerusalem (hfst. 1-7) sowel as Judéa en Samaría (hfst. 8-12) en tot aan die uithoeke van die aarde (hfst. 13-28).

Gelowiges kan en moet daar waar hulle plaaslik leef, die koninkryk van God verkondig. As gemeenskap van gelowiges behoort ons met ander gemeentes in die land saam te span om mekaar te ondersteun waar ons provinsiaal en nasionaal die koninkryk van God verkondig. Uiteindelik behoort ons self iemand te stuur of iemand te ondersteun wat die koninkryk van God iewers aan die uithoeke van hierdie aarde (internasionaal) gaan verkondig.

Wat is belangriker, om in te asem of om uit te asem? Ons kan nie anders as om te besef dat God se sendingopdrag nie 'n keuse tussen plaaslik óf internasionaal is nie. Dit is 'n opdrag om sy koninkryk plaaslik én internasionaal te verkondig en uit te brei. ☺

Ds. Dianlo Stoltz is medeleraar AP Kerk Kimberley-Die Kruis.



AP KERK KEMPTON PARK

Pyporrelskenking

Met diepe dankbaarheid het ons gemeente 'n grootse skenking in die vorm van 'n besondere en pragtige pyporrel ontvang. Tydens die dankdiens in September is die orrel onder begeleiding van ons orrelis, br. Tommie van der Westhuizen, ingewy. Die pyporrel voeg nie net estetiese waarde tot ons kerkgebou toe nie, maar ons gemeentelike samesang word ook by uitstek daardeur verryk.



Ons hou kermis!

Op Saterdag 6 September het Kempton Park se lidmate en uitstallers van buite saamgespan om besoekers se monde met die heerlikste kosse, nageregte, gebak, lekkernye en vele meer te laat water. Snuffeltafels, handgemaakte items, witlifantafels en nog meer het klein en groot gefassineer, terwyl Lig in Duisternis Uitgewers se uitstalling die leser in menige besoeker gelok het. Dit was 'n heerlike en suksesvolle dag vir 'n ieder en 'n elk wat hierdie dag met ons gedeel het. Alle lof, eer en dank kom ons God en Vader toe.



Kerkraadslede

Ons gemeente was bevoorreg om op Sondag 12 Oktober twee kerkraadslede, brs. Georg Landsberg en Inus Bosman in die amp te herbevestig en 'n nuwe kerkraadslid, br. Robert Black, in die amp te bevestig.



Verbondsonderrigafsluiting

Sondag 12 Oktober het ons Verbondsonderrigafsluiting ná afloop van die erediens plaasgevind. Br. Hanno en sr. Shimine Jansen van Vuuren het die prysuitdeling behartig en ook 'n klein verrassinkie aan elke verbondskind en voorganger oorhandig. Tydens hierdie geleentheid is die Bybelkenniseksamen-sertifikate ook oorhandig. Twee finalejaarkatgisante, Zaneé Ferreira en Kayla Mare het met groot erns op Sondag 26 Oktober belydenis van geloof afgelê.



Mari Brits

GELOFTEDAG

Geloftedag te Wachtenbietjieskop

Geloftedag op Wachtenbietjieskop naby Bronkhorstspuit is elke jaar 'n baie spesiale fees. Aangebied deur die Welverdiend Voortrekkervereniging se Geloftefeeskomitee en onder leiding van Callie Geldenhuys, is daar verskeie aspekte op die program wat voorwaar uitsonderlik is.

Die program het afgeskop met vlaghysing en 'n dawerende knal – 'n kanonskoot uit 'n replika van Ou Grietjie. Later die dag was daar opwindende ossewaritte. Die dag is afgesluit met 'n bord smul lekker kos en tuisgebakte brood vir elkeen van die meer as 200 feesgangers.



Drs. Albertus en Hendrik Breytenbach

Buitengewoon merkwaardig van 2025 se fees was die verbintenis van die sprekers. Die erediens is gelei deur dr. JH Breytenbach van die AP kerke Witbank en Bronkhorstspuit. Die feesrede is gelewer deur dr. Breytenbach se seun, dr. PA Breytenbach, verbonde aan die AP Akademie. Alhoewel beide gesoute Geloftefeessprekers in eie reg is, was dit die eerste keer dat pa en seun 'n podium deel.

Danksy 'n geseënde boodskap van beide sprekers was dit 'n kosbare dag vir almal teenwoordig, maar veral ook vir die AP Akademie. Mag voorwaar “die erwe van ons vad're vir ons kinders erwe bly” – tot eer en verheerliking van ons Vader. *Soli Deo Gloria*.

Mia Coertze

AP KERK GORDONIA

Doopplegtigheid

Op Sondag 25 Januarie is br. Frederik en sr. Tineké Jacobs se vierde kindjie, Stephanus, deur ds. Jannie Bisschoff gedoop. Ds. Jannie het ook die egpaar se ander drie kinders gedoop. Dit is vir die egpaar spesiaal dat ds. Jannie die doop aan al vier hul kinders bedien het.

Op die foto (v.l.n.r.) is ds. Jannie Bisschoff, saam met Tineké en klein Stephanus, Frederik, Theunis, Thariné en Thianke Jacobs.

Tineké Jacobs



R120

Lig in Duisternis
UITGEWERS

Bedien die
BROOD VAN DIE LEWE

30 tematiese konsepte vir huisbesoek, Bybelstudie of huisgodsdien



AP KERK KRUGERSDORP

Verjaarsdagpartytjie

Op 1 Februarie het die AP Kerk Krugersdorp haar 35ste verjaarsdag gevier. Die Here het die gemeente op 3 Februarie 1991 in die lewe geroep. Ons is dankbaar vir al die genade en seën wat ons deur die jare van Hom ontvang het.

Ds. Coenie Snyman was die eerste predikant wat die gemeente bedien het. Verskeie ander predikante het die gemeente bedien, onder andere di. Hansie Janse van Vuuren, Chris Koen en André van den Berg jr. Die afgelope 14 jaar is ds. Wimpi Burger ons leraar.

Ons groot dankfees het begin met die bediening van die heilige sakrament van die nagmaal. Ná die erediens is ons almal na die saal wat 'n nuwe baadjie aangetrek het en met nuwe teëls en gordyne spog. Die susters het gesorg vir die heerlikste eet- en drinkgoed. Sr. Anna de la Rey het die mooiste en heerlikste verjaarsdagkoek gebak. Daar is heerlik gekuier terwyl ons vervloë dae met 'n skyfievertoning in herinnering geroep het.

Ons sê dankie aan elkeen wat die afgelope 35 jaar 'n bydrae gelewer het. Sonder hierdie bydraes en die genade en seën van die Here sou dit nooit moontlik gewees het nie. Ons danklied weerklink na bo.

Letitia van Zyl



Ds. Wimpi met 'n lekker stukkie koek



VOLKSHULP 2000

Volkshulp 2000 is gestig in 1991 as 'n organisasie sonder winsoogmerk, en ontvang geen ander inkomstes van enige instansies nie. Ons is dus afhanklik van ons eie volksgenote wat kan help met die onderstaande items.

Vir belastingdoeleindes kan Volkshulp 2000 op aanvraag 'n Artikel 18A-sertifikaat uitreik met alle kontantdonasies wat aan Volkshulp 2000 gemaak word. Bankbesonderhede kan verkry word by ons hoofkantoor.

Indien u oor die volgende items beskik wat bruikbaar is, kan u ons gerus kontak by ons hoofkantoor en ons kom haal dit by u, of u is welkom om dit self te kom aflewer.

ONS BENODIG DRINGEND ALLE BRUIKBARE ITEMS, WAT DAN WEER HELP OM IN ONS VOLKSGENOTE SE BEHOEFTE TE VOORSIEN.


Klere • Skoene • Linne • Huisraad
Alle bruikbare meubels • Speelgoed • Kos

www.volkshulp.org.za

Tel: 012 755 8201 • Sel: 082 6827454

Adres: Steadlaan 246, Queenswood, Pretoria

BLOKKIESRAAISEL-ANTWOORDE: MAART 2026 (BL. 9)



AP KERK FRANKFORT

Belydenis van geloof

Op Sondag 1 Februarie het vier jongmense belydenis van geloof afgelê. Ds. Herman Erasmus se boodskap aan hulle was 'n diep en betekenisvolle vraag: "As ons sê dat ons die Here wil volg, moet ons onself eerlik afvra: Hoe lyk daardie pad?"

In Lukas 9:23 leer die Here Jesus ons dat dit beteken om jouself "neer te sit". Dit gaan nie meer oor jouself nie. Jy is nie meer op die troon van jou eie lewe nie – die Here is. Wanneer jy jouself "neergesit" het, roep Hy jou om elke dag jou kruis op te neem. Dit vra bereidwilligheid: Om te doen wat die Here van jou vra. Om aan sy wil en aan sy Woord gehoorsaam te wees. En wanneer jy jou kruis opgeneem het, moet jy Hom volg en aanhou volg – met sy Woord as jou kompas en jou oë vas gerig op Hom. Dít is die pad agter Jesus aan.

Die AP Kerk Frankfort is opreg dankbaar en opgewonde oor hierdie nuwe belydende lidmate en bid dat die Here hulle sal lei en dra op elke tree van hul geloofspad.

Marle Janse van Rensburg



BESTEK VIR BYBELKENNISEKSAMEN 2026

Graad	Ou Testament	Nuwe Testament	Handboek
Graad 4	Génesis 12-13; Exodus 18-20	Markus 13-14	Les 1-9
Graad 5	Esra 1, 4, 7, 9	Johannes 13-16	Les 1-9
Graad 6	1 Samuel 1-3	Handelinge 6-7; Kolossense 1-2	Les 1-9
Graad 7	1 Samuel 13; 16; 1 Konings 5; 2 Kronieke 1	2 Thessalonicense 1-3	Les 1-9
Graad 8	Levítikus 23-25; Ester 1-5	Titus 1-3; 2 Petrus 1-3	Les 1-9
Graad 9	Daniël 4-6; Jesaja 11-17	1 Johannes 1-5	Les 1-9
Graad 10	Job 6; Hoséa 4-6; Joël 3	Efésiërs 3-4; Hebreërs 11	Les 1-9
Graad 11	Hábakuk 1-3; Prediker 5-7	Romeine 12-14; Openbaring 1-3	Les 1-9
Belydende lidmate	2 Konings 4-7; Levítikus 8-10	Jakobus 1-3; Openbaring 8-11	NGB: Artikel 33-35



AP KERK SANDDRIFT

Met leedwese neem ons afskeid

Theron le Roux is op 25 April 1934 op die plaas Doornpan in die Ottosdal-distrik gebore. Gedurende sy lang en betekenisvolle lewe van meer as nege dekades, was hy aktief betrokke by verskeie boereverenigings, landbouorganisasies en kerklike instellings. In 1971 verhuis hy na Middelburg in die destydse Transvaal, waar hy tot 2005 'n suksesvolle saai- en boerdery bedryf. Daarna het hy en sy eggenote Sannie, na Brits verhuis en hulle saam met hul kinders op Soutpansdrift gevestig.



Theron le Roux

Sedert 2005 was Theron 'n toegewyde lidmaat van die AP Kerk Sanddrift, waar hy vir meer as 20 jaar as ouderling gedien het. Hy was 'n stigterslid van die AP kerkverband in 1987 in Pretoria en kort daarna ook 'n medestigter van die AP Kerk Middelburg. Sy diens aan die kerk het oor meer as 60 jaar gestrek, met betrokkenheid by verskeie kerkrade, insluitend die NG Kerk Ottosdal, NG Kerk Middelburg-Suid, AP Kerk Middelburg en AP Kerk Sanddrift.

Theron het diep spore in die gemeenskap getrap en gedurende die afgelope twee dekades, 'n onmisbare rol in die AP Kerk Sanddrift vervul. Die Here het hom onverwags op 16 September 2025 kom haal. Sy begrafnis is op 24 September deur sy skoonseun ds. Adriaan Swart, leraar van die AP Kerk Sanddrift, waargeneem. Hy word oorleef deur sy geliefde eggenote Sannie le Roux (91), vier kinders, drie kleinkinders en drie agterkleinkinders. Sy heengaan laat 'n groot leemte in ons samelewing, maar ons berus in die wil van ons hemelse Vader.

IS JOU REKENAARBEGROTING BEPERK?

Ons verkoop opgeknapte ("refurbished") rekenaars, skootrekenaars en bedieners. Alle opgeknapte rekenaars het 'n waarborg vir een jaar. Ons koerier landswyd!

Kontak Pieter by 083 214 3521 of pieter@activepc.co.za

BLOEMFONTEIN OORNAGWOONSTEL

Ruim, luukse oornagwoonstel, asook kothuis en kamers, met eg Suid-Afrikaanse gasvryheid. Veilige parking. Skoon en netjies met TV. Stil en rustige atmosfeer.

Tel: 051 522 6035 / Sel: 082 726 9959

GASTEHUIS IN PRETORIA

2 slaapkamers (slaap 4), kombuis, 1½ badkamer, sitkamer en eetkamer.

Geleë in Newlands, Pretoria-Oos (naby Menlyn winkelsentrum en baie hospitale).

Kontak Rosi: 078 658 6989

AP KERK: DASSE EN MOULOSE TRUIE

Wit kerkdasse @ **R120** • Moulose swart trui @ **R550**
10 en 20 jaar gedenkdasie ook beskikbaar op navraag

Tel: 015 298 8028 • Faks: 086 530 5709

E-pos: pietersburg@apkerk.co.za

Kantoorure: Maandae tot Vrydae: 08:00 tot 13:00.
Posgeld en verpakking sal bepaal word met bestelling.

ST LUCIA - Vakansiewoonstelle te huur

Villa Mia 22 - 2 slaapkamers, 1 badkamer (stort en bad), balkon (slaap 4). **Villa Mia 15** - 2 slaapkamers, 1 badkamer (stort), stoep (slaap 6). Veilige parking (afdak) in die kompleks, swembad, braaigeriewe, gratis WiFi en daaglikse skoonmaakdienste.

SMS 068 535 3885 vir meer inligting en foto's

ONS STRANDDAKKIE HARTENBOS

Vakansiewoonstel loopafstand vanaf die hoofstrand. 2-slaapkamer (slaap 6), volledig toegerus met DSTV.

Kontak Mercia: 065 991 1966 / 072 600 2430

AP KERK DERBY

Kerssangdiens

Ons jaarlikse Kerssangdiens het op Sondag 23 November 2025 plaasgevind. Ds. Nico Grobler het die diens gelei en sy boodskap was uit Johannes 8:12: *Ek is die lig van die wêreld; wie My volg, sal sekerlik nie in die duisternis wandel nie, maar sal die lig van die lewe hê.*

Waar daar wanhoop is, bring Hy hoop.

Waar daar vrees is, bring Hy vrede.

Waar daar gebrokenheid is, bring Hy genesing.

Waar daar sonde is, bring Hy vergifnis.

Die Lig het gekom en die wêreld sal nooit weer dieselfde wees nie.

Arina de Witt het as gaskunstenaar opgetree. Sy het tussendeur die Skrifvoorlesings en gemeentesang opgetree. Haar pragtige gevoelvolle stem en wonderlike verhoogpersoonlikheid het ons harte aangeraak. Ná die verrigtinge het lidmate en gaste rondom heerlike eetgoed, wat deur die susters voorberei is, gekuier. Peter Bondisio, een van Derby se bekende inwoners, het gehelp om die kerk en saal pragtig te versier.

Sustersbyeenkoms

Op Saterdag 17 Januarie het die susters by die koffiewinkel Mossie gekuier. Tydens die geleentheid is ons gewys hoe om gebruikte papier te herwin om koeverte te maak. Daar is heerlik gekuier rondom iets te ete en te drink.

Leraar verjaar!

Ds. Nico Grobler het op 28 Januarie verjaar. Die gemeente het sy verjaarsdag die voorafgaande Sondag gevier.

Nagmaalviering

Op Sondag 8 Februarie het die gemeente die heilige nagmaal gevier. Prof. Alwyn Swanepoel het by dié geleentheid 'n boodskap uit Jesaja 58 gebring, met die tema: "Valse en ware godsdiens." Ná die diens het lidmate heerlike eetgoed geniet.

Elaine Claassens



Sustersbyeenkoms



Ds. Nico verjaar



Nagmaalviering





Die Voortrekkers-trilogie vertel van gewone mense wat buitengewone dinge gedoen het


Lig in Duisternis
UITGEWERS

NOU BESKIMBAAR





Sterre met sterte bo die sewentiende-eeuse Suidland – Alana Bailey



In Psalm 8 lees ons hoe die mens in verstomming na die hemelruim staar en God se hand daarin sien. Psalm 147 brei verder uit en noem selfs dat Hy die getal van die sterre bepaal en hulle almal name gee.

Komete is van die mees skouspelagtige astronomiese besienswaardighede in die hemelruim. In eenvoudige taal beskryf, is 'n komeet 'n hemelliggaam bestaande uit ys en stof wat om die son wentel en lyk soos 'n helder vorm met 'n ligstreep wat soos 'n stert agterna sleep. Sommige komete kan só helder wees dat hulle selfs in daglig met die blote oog gesien kan word.

Onlangse navorsing wat die Britse Astronomiese Vereniging onder leiding van die planetêre wetenskaplike dr. Mark Matney onderneem het, beweer dat die Bethlehemster 'n komeet was. Hulle het die beskrywing in Matthéüs van hoe dit beweeg het, ondersoek en bevind dat dit die mees waarskynlike menslike verklaring daarvoor is.

Op eie bodem, soos elders, boei die hemelruim mense van die vroegste tye af en het die waarneming van komete 'n besonder interessante geskiedenis.

Die eerste aantekening in dié verband is deur kommandeur Jan van Riebeeck op 17 Desember 1652 in sy dagjoernaal gemaak. Hy skryf dat hy dié aand tussen 21:00 en 22:00 oos-suidooswaarts

omtrent 80° bo die horison “een vremde ster met een staert” gesien het. Hierna het hy nog aantekeninge oor die komeet gemaak, met die laaste nota op 24 Desember 1652. Hy meld dat die stert toe dowwer vertoon het.

Dit is onseker of Van Riebeeck enige apparaat gehad het waarmee hy dit kon bekijk. In 1608 het die Nederlander Hans Lippershey 'n patent vir 'n teleskoop probeer registreer en in 1610 het Galileo Galilei dit die eerste keer gebruik om die hemelruim te bestudeer. Van Riebeeck het egter nooit genoem dat hy 'n teleskoop het nie.

Van Riebeeck het sy laaste waarneming met die opmerking afgesluit dat net die Here sal weet wat die betekenis van die komeet is. Bygelowe oor ruimte-verskynsels het van die vroegste tye af bestaan en een daarvan was dat komete voortekens van slegte nuus is, soos Van Riebeeck skynbaar ook gemeen het.

Vanaf Desember 1664 was 'n groot komeet aan die Kaap sigbaar. Dit is deur Van Riebeeck se opvolger, kommandeur Zacharias Wagenaer, aangeteken. In 1666

het Wagenaer genoem dat hy 'n “kijcker” (teleskoop) besit, dus het hy die komeet moontlik daarmee dopgehou. In dié tyd het van die inwoners hulle veral op Sondae aan dronkenskap, dobbelary en ander sondes oorgegee. Wagenaer het 'n opdrag uitgevaardig met instruksies oor die bywoning van kerkdienste en 'n kentering in hul gewoontes, aangesien die komeet volgens hom 'n waarskuwingsteken van God se vreeslike oordeel was wat oor hulle sou losbars as hulle met hul gedrag sou volhou. Teen Februarie 1665 was een van die voorste sondebokke helaas Ernestus Back, die sieketrooster wat die pligte van 'n predikant aan die Kaap moes verrig. Wagenaer het verklaar dat die komeet nou 'n teken was dat die Here se straf die Kaap tref as daar nie spoedig van dié skandemaker ontslae geraak sou word nie. Back en sy gesin is onverwyld na Batavia verban. Wie kon met die komeet stry?


In September 1682 het Simon van der Stel sy waarneming van Halley se komeet in sy joernaal aangeteken. Dit was toevallig ook die jaar waarin die Britse sterrekundige, Edmond Halley, dit die eerste keer waargeneem het. Die komeet is na Halley vernoem

Vervolg op bl. 36 >>



Hoekom?

Hannekie Verwoerd



Daar kom 'n fase in jou kleuter se lewe wanneer iets van verbale redenering in hom ontwaak en jy eindeloos blootgestel word aan die vraag: “Hoekom?” Dan is die maklikste antwoord sommer net “sommer”. Dalk het jy in reaksie hierop as kind jouself voorgeneem om nooit jou eie kinders met “sommer” te antwoord nie. Maar soms word die “hoekoms” meer as wat vlees en bloed kan verdra. Dankie tog dat dit net 'n fase is en dat hulle die behoefte om kompulsief “hoekom” te vra, ontgroeï.

So lyk dit ... Eintlik groei ons net in die gesofistikeerdheid waarmee ons hierdie vraag vra. Ons behou maar altyd die behoefte om die rede agter veral die moeilike dinge in die lewe te verstaan. Ons en ons kinders hou nie op om “hoekom?” te vra nie. En die antwoorde op daardie vrae word beslis nie makliker nie.

Hoekom het ek nie keuring gekry vir die rigting waarin ek graag wou studeer nie? Hoekom sien niemand my raak nie? Hoekom het sy die verhouding beëindig? Hoekom het ek my werk verloor? Hoekom moes die baba sterf? Hoekom het my ma kanker gekry?

Hoe beantwoord ek sulke vrae? Hoe lei ek my kind met wysheid deur die mynveld wat ontstaan wanneer ons met regtig moeilike lewensituasies gekonfronteer word?

Die antwoord hierop lyk oënskynlik eenvoudig en die meeste van ons kan dit waarskynlik vanuit die laaste hoofstukke van Job beantwoord. Daar wil die

HERE vir Job iets aan die verstand bring van die onmeetlike verskille wat tussen sy Wese en die menslike toestand lê. Nou onlangs het Prediker 11:5 my asem weggeslaan:

Net so min as wat jy die pad van die wind ken, of weet hoe die liggaam lyk in die skoot van 'n swanger vrou, net so min verstaan jy die werk van God wat vir alles verantwoordelik is (NLV).

Op die oog af maklik om te verstaan, maar in die praktyk moeilik om te aanvaar. Dit is belangrik om in gedagte te hou dat God buite tyd en ruimte staan, terwyl Hy ons binne tyd en ruimte geskep het. Uit die aard hiervan, het God 'n totaal ander perspektief. Hy kyk na mense en gebeurte vanuit 'n posisie waar tyd en ruimte nie 'n rol speel nie. Ons, aardsgebonde, het 'n ingeskape onvermoë om die weë van die Here klein te kry.

Soms word ons hoekoms gebore uit die plek van Eva se oersonde – om soos God te wil wees. “As ek net kan verstaan waarom dinge gebeur, hoef ek my nie met onvoorwaardelike vertroue op God se algenoegsame sorg te verlaat nie.” Dit is dus nie inherent verkeerd om “hoekom?” te vra nie, maar die grens tussen troossoekende hoekoms en opstandige hoekoms kan vaag raak.

Soms begeer ons meer insig in die weefwerk van die Meester se tapisserie as wat ons beskore is. Heimlik dink ons dat ons wel kan verstaan hoe God met een gebeurtenis tegelykertyd talle mense se lewens kan aanraak, verander, omkeer. Ons dink dat ons die ontelbare weefdrade se verloop sal kan naspel en volg. Of dat ons die verloop van 'n enkele draad deur die inslag en skering sal kan insien. Wanneer ons dan “hoekom?” vra, is ons eintlik besig om onself God se gelyke te ag. Iemand wat soos die Almagtige, ten volle kan ken ...

Met hierdie sonde gekonfronteer, is 'n mens se reaksie dan dikwels om jou hande oor jou ore, oë en mond te sluit en die “hoekom?” so in te hou – om te keer dat dit hardop uitkom. Enige aap sal tog weet dat dit malligheid is om jouself met God se intelligensie gelyk te stel. Maar tog, selfs al kry jy die vraag ingehou, leef dit steeds in jou hart ...

So 'n onderdrukte sonde gedy egter te heerlik in die donker. Hoewel jy dan nie “hoekom?” vra wanneer daar swaar dinge oor jou pad kom nie, maar dit stoïsyns deursien, is jou begeerte steeds om soos God te wees. Dit kom veral voor wanneer ons onself regverdig om, teen Jesus en die apostels se waarskuwing in, ons medemens te oordeel.

Om te oordeel, is om die hoekoms oor ander mense te probeer beantwoord: “Hoekom is sy so skamel geklee?” “Hoekom gee sy haar kinders nie slae nie?” “Hoekom vat die kind ses koekies op 'n slag?” “Hoekom is hulle al weer nie in die kerk nie?”

Nee, ek is nie besig om te sê dat ons medegelowiges se sonde klakkeloos as aanvaarbare optrede moet laat verbygaan nie. Daar is 'n plek vir vermaning en jy mag dit doen, maar wel vanuit opregte liefde en belangstelling en sonder om te oordeel! Daar lê 'n ontsaglike gevaar vir jou daarin wanneer jy vanuit mense se optrede, aannames begin maak

oor wat in hul harte aangaan. Jy stel jouself aan God gelyk deur voor te gee dat jy dit weet wat vir mense wat aan tyd en ruimte gebonde is, onweetbaar is.

Trap dus versigtig wanneer jy na ander mense kyk en herinner jouself gedurig dat jy nie alwetend is nie. Jy ken nie die agtergrond, ingesteldheid, hartsgesindheid, geloofsoortuigings, versagtende of verswarende omstandighede soos God dit ken nie. Leer jou kinders om in alledaagse situasies aan te hou om styf vas te hou aan die wete dat ons nie soos God is nie. Ons is tyd- en ruimtegebonde wesens – anders as God. God kan egter met oorgawe vertrou word, juis omdat Hy so anders is as ons – waaragtig goed. ☺

◀ Vervolg vanaf bl. 34

Sterre met sterte bo die sewentiende-eeuse Suidland

omdat hy in 1705 besef het dat dit elke 72 tot 80 jaar weer verskyn. Van der Stel het na insekplae en swaar reën wat die Kaap geteister het, verwys en bekommerd gewonder hoeveel slegter dit sal gaan nadat die komeet verdwyn het! In 1759, met die volgende verskyning daarvan, is min aandag skynbaar daaraan gegee. Die verskynings van 1835, 1910 en 1985/6 is egter intensief bestudeer en die waarnemings het danksy veel beter toerusting belangrike wetenskaplike inligting tot die res van die wêreld s'n bygedra.

Dit is verstommend hoeveel komete in die 17de eeu vanaf die Kaap waargeneem is, veral as 'n mens in ag neem dat die instrumente wat toe beskikbaar was, redelik eenvoudig was. Dat

lig- en lugbesoedeling toe nog nie 'n groot rol gespeel het nie, is een van die redes hiervoor. Nog komete is in 1686, 1689 en 1695 waargeneem, met nog meer sedertdien. Nuwe ontdekkings word trouens byna jaarliks gemaak en vele daarvan vanuit Suid-Afrika.

Europa het destyds al besef dat die Kaap 'n belangrike rol in sterrekundige waarneming kan speel en boonop redelik maklik bereikbaar is. Gevolglik is die Koninklike Sterrewag in 1820 aan die Kaap gevestig. Dit was die eerste permanente sterrewag in die suidelike halfgrond.

Vandag speel Suid-Afrika steeds 'n belangrike rol in dié verband. Die bekendste projek

is waarskynlik die sogenaamde SALT (Southern African Large Telescope) by Sutherland. Daar word ook saam met die regerings van Australië en die Verenigde Koninkryk gewerk aan die SKA (Square Kilometre Array). Hierdie projek behels dat radioteleskope in Australië (vir lae frekwensies) en Suid-Afrika (vir middel frekwensies) gebou word, waar die uitsig oor die Melkweg die beste en radio-inmenging die minste is. Ná voltooiing behoort dit waarnemings meer as 10 000 keer vinniger as tevore te kan doen en beelde met die hoogste resolusie ooit te kan verskaf. Dink net: Hierdie opwindende ontwikkeling het alles hul oorsprong by daardie eerste aantekeninge van die kommandeurs aan die verre Kaap gehad! ☺

SMELTOOND

• April 2026 •

Deur Jaco Kleynhans



Die Weste: Begin van die einde of herlewning?

Die bekende skrywer Niall Ferguson beskryf in sy boek, *Civilization: The West and the Rest*, die opkoms van die Westerse beskawing sowat 500 jaar gelede en die reuse-invloed daarvan wêreldwyd. Volgens Ferguson het die Westerse beskawing daarin geslaag om die wêreld oor die afgelope paar eeue met sy idees oor vryheid, wetenskap, demokrasie en Christelike etiek te oorheers. Hierdie einste beskawing, in al sy dimensies, staan egter vandag 'n duidelike bestaanskrisis in die gesig.

Demografiese ineenstorting, die sekularisering van Westerse samelewings tot 'n punt waar die Christendom in die meeste Westerse lande vandag slegs uit 'n klein minderheid bestaan, massa-immigrasie uit nie-Westerse lande en 'n diepgewortelde morele en kulturele agteruitgang, dreig om hierdie beskawing terminaal siek te maak.

Op 14 Februarie het die Amerikaanse minister van buitelandse sake, Marco Rubio, by die München-veiligheidskonferensie in Duitsland hierdie bedreigings onomwonde uitgestippel. Hy het gewaarsku teen die “magte van uitwissing” wat Europa en Amerika bedreig en het 'n sterk pleidooi gelewer vir die hernuwing en herstel van die Westerse beskawing. Sy toespraak bou direk voort op dié van die Amerikaanse visepresident JD Vance 'n jaar tevore, wat die “bedreiging van binne” as die grootste gevaar in Westerse lande geïdentifiseer het. Volgens Vance is die Westerse beskawing se grootste bedreiging nie Rusland of China nie, maar eerder die erosie van die Christelike geloof, vryheid van spraak, demokrasie en kulturele samehang.

Demografie is een van die mees genadelose bedreigings wat stede, dorpe en gemeenskappe tans teen 'n skrikwekkende pas regoor die Weste transformeer. Westerse lande se geboortesyfers het jare gelede reeds tot onder die vervangingsvlak (2,1 kind per vrou) gedaal. In die meeste Europese lande is die koers reeds laer as 1,5. Wanneer immigrante buite rekening gelaat word (omdat hulle heelwat meer kinders kry), kry baie Europese volkere tans gemiddeld minder as een kind per vrou.

Ferguson wys verder daarop dat die Westerse bevolking lankal 'n minderheid van die wêreldbevolking uitmaak en nou al hoe vinniger begin krimp. In 1900 was sowat 35% van die wêreldbevolking van Europese afkoms; vandag is dit minder as 10%. Hierdie demografiese winter lei tot bevolkingsveroudering, druk op welsynstelsels en 'n groeiende afhanklikheid van immigrasie om die arbeidsmag aan te vul. Sonder 'n herstel in gesinsvorming en gevolglik 'n hoër bevolkingsaanwas, kan Westerse lande nie unieke Westerse kulturele waardes lewend hou nie en sal die Weste deur nie-Westerse volke oorgeneem word.

Die grootste uitdaging vir die Westerse beskawing is die uitwissing van kulturele kontinuïteit. Dit sluit in die rol van die Christelike geloof in Westerse samelewings. Europa het in die 1970's en 1980's vinnig begin sekulariseer, met kerkbywoning wat tot onder 5% in die meeste lande gedaal het. Ferguson voer aan dat die Protestantse werksetiek juis 'n reusebydrae gelewer het tot Westerse lande se vermoë tot ekonomiese oorheersing. Met die verlies aan geloof, sal hierdie werksetiek ook verdwyn. Terselfdertyd verloor Westerse samelewings hul morele kompas en dryfkrag, wat dikwels in die verlede

vanuit 'n Christelike roepingsbesef gespruit het.

Rod Dreher beskryf in sy visionêre boek, *The Benedict Option* (2017), hierdie post-Christelike era as 'n nuwe “donker eeu”. Die Weste het nie net sy godsdien begin verloor nie, maar ook die gedeelde morele raamwerk wat vryheid, familiewaardes en samehorigheid onderlê. In plaas daarvan heers relativisme, individualisme en 'n “woke”-ideologie wat Westerse erfenis as inherent sleg afmaak.

Sedert 2015 het miljoene immigrante, hoofsaaklik uit Moslemlande, Europa ingestroom. Dit het reeds gelei tot die ontstaan van parallelle samelewings, verhoogde misdaad en kulturele botsings in woonbuurte regoor Europa wat daagliks Islamiseer. Rubio het in München reguit gesê: “'n Ongekende golf van massa-immigrasie bedreig die samehorigheid van ons samelewings, die kontinuïteit van ons kultuur en die toekoms van ons mense.”

Moet Christene nou terugtrek en sogenaamde eilande van Westerse, Christelike gemeenskappe skep, soos wat Dreher in *The Benedict Option* voorstel? St. Benedictus het in die Middeleeue, ná die val van die Romeinse Ryk, kloosters gebou om geloof en kultuur te bewaar. Dreher voer aan dat iets soortgelyk dalk weer nodig mag wees.

Rubio het egter tydens sy toespraak in Februarie 'n positiewe visie van 'n “nuwe Westerse eeu” bepleit. Hy sluit aan by Ferguson, wat in sy boek daarop wys dat agteruitgang 'n keuse is en dat die Westerse beskawing nog gered kan word. Die keuse lê uiteindelik by elke Westerling: Óf uitsterwing deur apatie, óf herlewning deur geloof; beter en slimmer planne en 'n dieper roepingsbesef. ☺

DIE LEEU UIT DIE STAM VAN JUDA HET OORWIN

Gru-subtiel werp Satan 'n skadu oor God's Woord.
Verkrag deur die leuen gaan die mens en Satan in eerste akkoord.

Jy is naak? Wie het jou dit te kenne gegee?
Mensheerskappy in boeie geknel – die mens wat die doderyk betree.
In die skadu van die dood glim nou die angel van vrees:
Hoor hoe eggo die Godsbesluit – die einde van alle vlees!

Maar dan ...

Op die duister horison verskyn die silhoeët van Juda se Leeu!
Melgisédek ... uit die verte aanskou Abram die verlossingsplan.
In die Lig begin die buitelyne van hierdie silhoeët verdwyn:
Feesklokke se gelui ... dis Pasga ... die Lam het in geregtigheid verskyn!

Nou beur die Leeu orent volgens die eis van sy weg:
Alleen ... Hy kan die uitkoms van die geveg besleg!
Steeds nouer beweeg die haatkring om die Lam te verslind –
steeds feller die aanslag om God's Woord te ontbind.

“Here, laat hierdie beker by My verbygaan! Nogtans u wil oor My.
Vir hierdie doel het U vir My 'n liggaam berei.”

Mishandel en naak, gehoon, gespot;
sy klere verdeel, oor sy gewaad werp hulle die lot.
“U, wat die tempel afbreek en in drie dae opbou!” word Hy gesmaad.
“My God, my God, waarom het U my verlaat?”



Die son verloor sy glans, duisternis triomfeer;
die laaste aanslag om God's Seun te verteer.
Dan knak die vyandskap teenoor God in die vlees,
met 'n groot geroep gee Hy die gees!

Die aarde beef, die voorhangsel skeur in twee –
die sleutels van die doderyk moet Satan teruggee!
Die aarde beef 'n tweede keer, die steen rol weg:
“Maria, moet My nie nou aanraak! Ek gaan voor julle uit op die nuwe Weg.

Toe sing hulle 'n nuwe Lied:
“U is waardig om die Boek te neem en sy seëls oop te maak,
want U het ons met u bloed gekoop –
uit elke stam en nasie, volk en taal.”

JESMÉ

**LIG IN DUISTERNIS-TROFEE
VIR BYBELONDERRIG EN BYBELKENNIS**





DIE HERE SKEP RUIMTE VIR AANBIDDING

*Hoe lieflik is u woninge, o HERE
van die leërske! My siel verlang,
ja, smag na die voorhowe van die
HERE; my hart en my vlees jubel uit
tot die lewende God (Ps. 84:1-2).*

Só sing die volk in die Ou
Testament hierdie pelgrimslied
terwyl hulle optrek na Jerusalem
om die lewende God in die tempel
te aanbid. Net so sing ons ook in
die kerk (Ps. 84:2):

*Die mossie vind 'n huis, o HEER
die swaeltjies lê in nessies neer;
en ek vind rus by u altare ...*

In hierdie psalm sing ons van die
ruimte (plek) wat die HERE vir ons
geskep het sodat ons voor Hom

kan verskyn. Omdat ons in sonde
ontvang en gebore is, kan ons
nie soos 'n bergklimmer na die
hemel opklouter nie. Daarom leer
die Bybel dat God sy kinders in
sy teenwoordigheid inbring. Hy
doen dit sodat ons Hom kan loof
en prys.

1. Die tabernakel as aanbiddingsruimte

In die Ou Testament het die HERE
vir sy volk 'n ruimte gemaak
waar hulle Hom kon aanbid. Die
tabernakel was 'n tent waar die
HERE se teenwoordigheid onder sy
volk gewoon het. By hierdie tent
van samekoms het die volk vir hul
sondes offers gebring, saam gebid
en na die wet geluister.

Voor die tabernakel opgerig is, het die Israeliete geen plek gehad waar hulle God kon aanbid nie.

In Egipte stuur die HERE vir Moses om aan Farao te sê: *Laat my volk trek, dat hulle vir My 'n fees kan hou in die woestyn* (Ex. 5:1). Dus: Laat hulle trek sodat hulle ruimte kan hê om My te eer.

Die tabernakel was die plek waar God se verlore volk Hom kon aanbid en kon leer om voor sy aangesig te lewe. Die slawevolke het nou 'n plek gehad waar hulle in die lieflike teenwoordigheid van die HERE kon leef.

2. Die kerk as aanbiddingsruimte

In die Nuwe Testament skep God 'n ander ruimte waar gelowiges bymekaar kan kom om Hom te aanbid – die kerk!

In die volheid van die tyd word Jesus Christus gebore. Die Seun van God het onder ons kom tent opslaan. Hy het in ons ruimte ingekom en onder ons kom woon. Hy het dit gedoen om ons deur sy bloed van die sondeslawerny vry te koop.

Hy stuur ook die Heilige Gees wat in die ruimte van ons harte kom woon. Deur die werking van die Gees is elkeen wat in Jesus glo, nou God se tempel

(vgl. 1 Kor. 6:19). Die Here het deur die apostels hierdie evangelie oor die wêreld versprei. So ontstaan die kerk, daar waar gelowiges saam is, as aanbiddingsruimte.

Die kerk as aanbiddingsruimte


I. Die erediens: As gelowiges word ons opgeroep om saam in die kerk die Here te aanbid. Die erediens is nie maar net 'n dooie gewoonte nie. Die Here gee die erediens as aanbiddingsruimte sodat ons Hom kan aanbid. Dit is die ware rede hoekom ons kerk toe gaan. Ons word deur God opgeroep om Hom elke Sondag as sy volk te aanbid.

II. Huisgodsdiens: Die Here skep ook vir ons ruimte om Hom saam as gesin te aanbid. Daarom word die huisgesin geroep om tyd te maak en ruimte te skep om saam die Vader te eer. Ons doen dit deur Bybelstudie, gebed en sang.

III. Lewenswandel: Elke ruimte op hierdie aarde behoort aan die Here. Ons word deur Hom geroep om sy lig op elke plek waar ons leef, te laat skyn.

Die mossies het huisies, die swaeltjies het nesies en ons het die Here se lieflike ruimte vir aanbidding. Eendag sal ons vir ewig in sy ewige ruimte – die nuwe Jerusalem – leef.

... Ek jou ryklik sal seën en jou nageslag grootliks
sal vermeerder soos die sterre van die hemel ...
(Gén. 22:17)





Die Abrahamitiese verbond¹ (3)

In Génesis 6 lees ons hoe Adam se sonde sy nageslag sleg gemaak het en dat God hierdie slegtigheid (verdorwenheid) met 'n groot watervloed gestraf het. Noag se nageslag wat ná die sondvloed vermeerder het, was net so goddeloos en het, soos Adam en Eva, ook teen God in opstand gekom toe hulle die toring van Babel gebou het. God is egter genadig en Hy vergeet nie sy belofte in Génesis 3 nie: “Daar kom Een wat die kop van Satan, die bose verleier van mense, sal vermorsel.” Die HERE gaan voort met sy plan om die mens se verhouding met Hom te herstel.

God roep Abram uit Ur van die Chaldeërs en sluit met hom 'n verbond. Die HERE maak die volgende beloftes aan hom:

1. “Ek sal jou seën, en jou nageslag sal 'n groot volk word. Ek sal jou naam belangrik maak, en mense sal jou naam gebruik om ander mense te seën” (Gén. 12:2).
2. “Ek gee hierdie land [Kanaän] vir jou nageslag” (Gén. 12:7).

Nadat God sy beloftes aan Abram bekendgemaak het, verskyn die HERE in Génesis 15 in 'n droom aan hom. Die HERE herhaal sy belofte van 'n groot nageslag en Abram het God geglo. Toe sluit die HERE sy verbond met Abram en Hy herhaal sy tweede belofte: “Hierdie land sal aan jou behoort.”

Die HERE het sy verbond met Abram op 'n baie spesiale manier gesluit. Abram moes 'n vers, 'n bokooi, 'n ram, 'n tortelduif en 'n jong duif

bring – die tekens van hierdie verbond. Die HERE het elke dier, behalwe die voëls, middeldeer gesny. Toe het dit aangevond en Abram het vas aan die slaap geraak.

Daar waar Abram gewoon het, in die ou Nabye Ooste, is verbonde tussen twee partye só gesluit: Diere is middeldeer gesny en albei die partye moes tussen die middeldeer gesnyde diere deurloop. Die middeldeer gesnyde diere was 'n teken van wat met die party wat die verbond sou verbreek, sal gebeur: Hy sal doodgemaak word!

By hierdie spesiale verbondsluiting het dinge egter anders gebeur. Abram het vas geslaap en net een van die partye het tussen die middeldeer gesnyde diere deurgeloop, naamlik God! Daar kom toe vuurvlamme en rook wat tussen die stukke vleis van die diere wat geslag is, deurgaen. Die vuurvlamme en die rook was tekens van God se teenwoordigheid.

God se verbond met Abram, het twee dinge behels. Eerstens het die HERE belowe om alles wat volgens hierdie verbond moet gebeur, self te doen. Abram moes niks doen om God se guns te “verdien” nie – hy moes net glo! Tweedens het die HERE die verbondsvloek op Homself geneem. Dit beteken dat God belowe het om die vloek te dra as

die verbond verbreek word – Hy sou self opeindig soos die geslagte diere!

In Génesis 17 herbevestig God sy verbond met Abram: “Jy moet My dien en reg lewe. Dan sal Ek 'n verbond met jou maak.” En dan herhaal die HERE sy beloftes: “Ek sal vir jou 'n baie groot nageslag gee.” En: “Jy sal die voorvader van baie volke wees.” Toe verander God sy naam na Abraham, wat beteken: “vader van 'n menigte”. Abraham moes van toe af elke manlike persoon (ook kind) wat deel was van sy huisgesin, as teken van die verbond besny.


God se belofte van 'n nageslag wat so baie soos die sterre aan die hemel sou wees, is bewaarheid toe 'n wonderwerk gebeur: Sara, wat onvrugbaar was, het 'n seun gekry – Isak.

Ons kan God glo wanneer Hy in die Bybel belowe dat sy kinders eendag vir ewig by Hom sal woon, want die HERE kom sy beloftes na, soos met Abraham gebeur het: Isak is vir hom en Sara gebore en sy nageslag het so baie soos die sand van die see geword. En Kanaän het die land van God se volk geword.

1. Aanhalinge uit die Bybel vir almal. Daar is ook ruim gebruikgemaak van Antonio Coppola se boek, *Troue God: 'n Inleiding tot Verbondsteologie*, beskikbaar by Lig in Duisternis Uitgewers.

Die volmag (reg) om Jesus se wonderdade uit te voer, het die dissipels alleenlik uit genade ontvang. Hulle mag dus nie hierdie dinge gedoen het tot hul eie voordeel nie. Verniet het hulle dit ontvang, en verniet moet hulle dit aan andere gee. Die dissipels moes egter eers vasstel wie hulle in goedgesindheid ontvang en of hulle na hul boodskap wou luister. Hierdie huis is as “waardig” beskou. Die boodskap van vrede het dan ook op daardie huis gekom.

DIE TWAALF APOSTELS EN HUL SENDING



DWARS

3. Die getal dissipels wat uitgestuur is (Mt. 10:1)
6. Die man wat Jesus verrai het (Mt. 10:4)
8. Ambagsman of werknemer is sy loon werd (Mt. 10:10)
9. Johannes se broer (Mt. 10:2)
10. Liggaamlike ongesteldheid (Mt. 10:1)
13. Bewoners van Samaria, tussen Judéa en Galiléa (Mt. 10:5)
16. Reptiele wat versigtig optree (Mt. 10:16)
17. Booshede word uitgedryf (Mt. 10:8)
18. Vergaderplek van die Jode (Mt. 10:17)
21. Sy ander naam is Simon (Mt. 10:2)

AF

1. Hulle moet gereinig word van hul siekte (Mt. 10:8)
2. Onheilige geeste (Mt. 10:1)
4. Petrus se broer (Mt. 10:2)
5. Ongelowiges, nie-Christene (Mt. 10:5)
7. Voorbeeld van sonde en ongeregtigheid (Mt. 10:15)
11. Aandoening of swakheid van die liggaam (Mt. 10:1)
12. Verdienstelik, goedgesind (Mt. 10:11)
14. Handbagasie of oornagsak (Mt. 10:10)
15. Gawes is kosteloos ontvang (Mt. 10:8)
16. Weerlose diere voor wolwe ingestuur (Mt. 10:16)
17. Gestorwenes word opgewek (Mt. 10:8)
19. Betaalmiddel van daardie tyd (Mt. 10:9)
20. Dit moet afgeskud word van jou voete (Mt. 10:14)



Antwoorde

DIE LITURGIE MAAK RUIMTE OM MET GOD TE PRAAT

Ds. Emilè Trollip

Die woord “ruimte” beteken: 'n Plek waar jy kan beweeg of jou kan uitstrek. Ruimte is 'n gebied wat vir 'n sekere doel gebruik word.

Uit genade alleen het die Here met die mens 'n verhouding aangeknoop. Omdat ons in 'n verhouding met Hom staan, wil Hy met sy gemeente op 'n spesifieke plek vergader. Hy is elke lieue oomblik in ons midde. Tydens die erediens op 'n Sondag kom die hele gemeente wat God geroep het, bymekaar om Hom saam te dien en te eer.

Die erediens word ook vir 'n sekere doel gebruik. In die ruimte van die erediens het ons 'n liturgie (al die dinge wat ons tydens 'n erediens doen) waardeur die gemeente met die Here kommunikeer.

Hoe maak die liturgie ruimte om met God te praat?

1. Sang of stil word voor die erediens

Die rede waarom ons voor die erediens saam sing, is omdat ons onself voorberei om na die Here te luister. God wil met ons kom praat, maar baiekeer is ons aandag op allerhande wêreldse dinge gevestig. Deur voorsang of stilgebed maak ons onself gereed om na die Here te luister.

2. Votum

Met die votum word die erediens in die Naam van God begin. Die votum is God se aankondiging dat Hy by ons teenwoordig is en ons by sy aanbiddingsruimte innooi.

3. Seëngroet

Ons barmhartige Vader bring sy kinders in sy huis bymekaar en daarom verwelkom Hy ons in sy huis. Wanneer die dominee sy hande ophig, is hy maar net



die mondstuk waardeur die Here sy gemeente groet.

4. Lofsang

Nou kry die gemeente kans om op die Here se groet te antwoord. Daarom kom staan ons met ons lofsange in dankbaarheid en aanbidding voor die Here.

5. Wet

Ná die lofsang kom God weer aan die woord deur die wet. Ons lees elke Sondag die wet vir drie redes:

Deur die wet leer ken ons ons sonde en ellende (vgl. Rom. 3:20b).

Die wet lei ons na Christus toe wat in ons plek die wet onderhou het (vgl. Rom. 7:24-25; Gal. 2:19-20).

Die wet leer ons hoe om as dankbare verlostes te leef (vgl. Joh. 14:15).

6. Skuldbelydenis

Om te wys dat ons berou het oor ons sondes en na Christus terugdraai, sing ons as gemeente 'n skuldbelydenis. Deur ons skuldbelydenis wys ons dat ons nederig en klein voor God kom staan. Ons sing omdat ons werklik jammer is (berou het) oor al ons sondes.

7. Genadeverkondiging

Die Woord van die Here belowe dat elkeen wat sy sonde bely, in Christus vergewe word. Christus het klaar die prys vir

ons sondes betaal. Daarom herinner die Here sy kinders aan sy wonderlike genade tydens die genadeverkondiging.

8. Geloofsbelydenis

Die geloofsbelydenis is 'n verklaring van die gemeente. Wanneer ons as gemeente ons geloof bely, sê ons in wie ons glo. Ons glo in God Drie-enig.

9. Skriflesing, preek en gebed

Die Here praat met sy kinders deur sy Woord. Hy verduidelik sy Woord deur die preek en ons antwoord daarop met gebed.

10. Dankoffers en slotsang

Ons gee ons liefdegawes omdat ons dankie sê vir die groot offer wat in Christus plaasgevind het. Ons sing ook omdat ons reageer (antwoord) op die verkondiging van die Woord.

11. Seëngroet

Die erediens word in die Naam van die Here afgesluit. Hy het ons verwelkom in sy ruimte en nou stuur Hy ons die wêreld in om sy wil daarbuite te doen.

Elke Sondag het ons 'n plek waar ons saam met God en sy gemeente kan verkeer (vergader). Die liturgie maak ruimte sodat ons met die Here kan praat. Gebruik jy daardie ruimte om met Hom te praat?